Nasionale Aksieplan ter bekamping van rassisme, rassediskriminasie, xenofobie en verwante onverdraagsaamheid

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NATIONAL ACTION PLAN TO COMBAT RACISM, RACIAL DISCRIMINATION, XENOPHOBIA AND RELATED INTOLERANCE

INHOUD

Bladsy

VOORWOORD

AANHEF

WOORDOMSKRYWING

AKRONIEME

HOOFSTUK 1: INLEIDING EN DOEL VAN DIE NAP

HOOFSTUK 2: HISTORIESE KONTEKS

HOOFSTUK 3: DEMOKRASIE – DIE EINDE VAN ALLE VORME VAN DISKRIMINASIE?

HOOFSTUK 4: WAT SKEUR ONS UIT MEKAAR? WORSTELING MET DIE SKEIDINGSLYNE

HOOFSTUK 5: SUID-AFRIKA VANDAG

HOOFSTUK 6: HANTERING VAN RASSISME EN DISKRIMINASIE EN BEVORDERING VAN GELYKHEID – WAT ONS AL GEDOEN HET

HOOFSTUK 7: SUID-AFRIKA SE NASIONALE AKSIEPLAN VIR DIE BEKAMPING VAN RASSISME, RASSEDISKRIMINASIE, XENOFOBIE EN VERWANTE ONVERDRAAGSAAMHEID

HOOFSTUK 8: MAATREËLS

HOOFSTUK 9: BEHEERMODEL

GEVOLGTREKKING

Voorwoord deur die President van die Republiek van Suid-Afrika

Suid-Afrika se vredevolle en onderhandelde oorgang van apartheid na demokrasie ’n kwarteeu gelede was ’n inspirasie vir die wêreld. Dit het swart en wit Suid-Afrikaners verenig ná eeue van konflik om ’n nuwe, verenigde nasie te skep op grond van beginsels van gelykheid en waardigheid.

In sy inhuldigingstoespraak in Mei 1994, het President Mandela beelde van elkeen van ons opgeroep, soos die jakarandabome van Pretoria en die doringbome van die bosveld, wat intiem verbonde aan die grond van hierdie mooi land is. Hy het gepraat van ’n reënboognasie wat vrede met homself en met die wêreld het.

Terwyl ons nasie 25 jaar van vryheid en demokrasie vier, word ons egter genoop om te erken dat hierdie visie ondergrawe word deur herhaalde verskynsels van rassisme en rassediskriminasie.

Ons is nie die enigstes wat dit ervaar nie, want rassisme en xenofobie, dikwels onder die dekmantel van nasionalisme, is aan die toeneem. Tot die mate wat hierdie uitdagings in ons eie samelewing voorkom, is ons self verantwoordelik vir die uitwissing van gedrag wat die letter en gees van die Aanhef tot ons Grondwet skend, wat lui:

> *“Ons, die mense van Suid-Afrika,*
>
> *Erken die ongeregtighede van ons verlede;*
>
> *Huldig diegene wat vir geregtigheid en vryheid in ons land gely het;*
>
> *Respekteer diegene wat hul beywer het om ons land te bou en te ontwikkel; en*
>
> *Glo dat Suid-Afrika behoort aan almal wat daarin woon, verenig in ons verskeidenheid.”*

Rassisme en rassediskriminasie word steeds in ons samelewing ervaar, saam met ander vorme van vooroordeel, seksisme, xenofobie, homofobie, haatmisdade en haatspraak.

Dit het tyd geword dat ons die kettings van vooroordeel en diskriminasie verbreek sodat ons die belofte kan nakom om ’n verenigde, nierassige, nieseksistiese en vooruitstrewende land te bou waar almal wat daarin bly nie net op gelykheid geregtig is nie, maar gelykheid in hul daaglikse lewens ervaar.

Suid-Afrika se verbintenis tot die uitroeiing van diskriminasie en onverdraagsaamheid in verskeie vorme word gerig deur die “Declaration and Programme of Action” deur die Verenigde Nasies se wêreldkonferensie teen rassisme van 2001, deurgevoer, waarin State aangespoor word om sonder oponthoud nasionale beleid en aksieplanne in te stel om rassisme, rassediskriminasie, xenofobie en verwante onverdraagsaamheid, met inbegrip van die geslagsgebaseerde manifesterings daarvan, te bekamp.

In antwoord op hierdie oproep, het die Kabinet hierdie ***Nasionale Aksieplan ter bekamping van rassisme, rassediskriminasie, xenofobie en verwante onverdraagsaamheid***, aangeneem.

Die Plan is gegrond op die kollektiewe oortuiging van Suid-Afrikaners dat, aangesien die euwels van onregverdige diskriminasie en ongelykheid mensgemaak is; ons die middele het om hierdie euwels in ons land heeltemal uit te roei.

Die Plan is ontwikkel deur ’n omvattende raadplegingsproses wat die regering, hoofstuk 9-instellings en die burgerlike samelewing betrek het, en word gerig deur algemene beginsels van universaliteit, onderlinge afhanklikheid en onverdeelbaarheid van menseregte, deelname en insluiting, progressiewe realisering, verantwoordbaarheid, gelykheid en niediskriminasie.

Die plan verbind alle sektore van ons samelewing tot die bevordering en beskerming van menseregte, en tot bewusmaking oor kwessies van teen-rassisme, gelykheid en teen-diskriminasie. Dit vra vennootskap tussen staatsdepartemente en hoofstuk 9-instellings in die inwerkingstelling van onderrig oor teen-rassisme en teen-diskriminasie.

Verdere handelinge sluit die insameling van data oor rassisme en diskriminasie in sodat ons hierdie probleme kan beveg en ingrypings soos die vervolging van oortreders en psigososiale ondersteuning van slagoffers kan verbeter.

Die Nasionale Aksieplan maak ook voorsiening vir die identifikasie van wetgewing wat gewysig of deurgevoer moet word met die oog op die beskerming van slagoffers, die bou van ’n meer gelyke samelewing, en die versterking van die oppergesag van die reg en demokrasie.

Hierdie Plan vra ’n verbintenis deur alle Suid-Afrikaners tot waardes en gedrag wat van ons slegte en skadelike verlede sal wegbreek, en wat ons morele kompas op ons weg van hernuwing en groei gerig sal hou.

Dit is ’n poging wat in elke hart en elke huis geanker moet wees, van waar ons waardes in ons klaskamers, werkplekke, rye in die supermark, restaurante en stadiums moet uitstraal.

Kom ons maak ons volgende 25 jaar van vryheid ’n tydperk waar ons inderdaad vry sal wees van die verdelings, diskriminasie en onverdraagsaamheid van ons verlede.

AANHEF

Die Wêreldkonferensie teen Rassisme, Rassediskriminasie, Xenofobie en Verwante Onverdraagsaamheid, soos aangebied in die "Durban Declaration and Programme of Action" (2001):

> *"Ons erken dat rassisme, rassediskriminasie, xenofobie en verwante onverdraagsaamheid op grond van ras, kleur, herkoms of nasionale of etniese oorsprong voorkom en dat slagoffers veelvuldige of verergerde vorme van diskriminasie kan ervaar op grond van ander verwante gronde soos gender, taal, geloof, politieke of ander opinie, sosiale oorsprong, eiendom, geboorte of ander status." (Vertaling)*

Die "Declaration and Programme of Action" deur die Verenigde Nasies se wêreldkonferensie teen rassisme spoor state aan om sonder oponthoud nasionale beleid en aksieplanne in te stel en in werking te stel, met inbegrip van die geslagsgebaseerde manifestasies daarvan.

In die lig van Suid-Afrika se geskiedenis van kolonialisme en apartheid, is die oproep deur die Durban-konferensie meer as pertinent. In 1994 het die land uit drie-en-'n-halwe eeue van rasseverdrukking, gepleeg deur agtereenvolgende wit minderheids-, koloniale en apartheidsregerings, te voorskyn gekom. In hierdie lang tydperk is die swart meerderheid en niewitminderhede soos houtkappers en waterdraers behandel. Hulle is in die politiek gemarginaliseer, ekonomies onteien en kultureel onderdruk.

Die littekens van kolonialisme en apartheid is inderdaad steeds sigbaar op die kollektiewe aangesig van die hedendaagse Suid-Afrikaanse samelewing. Armoede en onderontwikkeling is rasgebaseer – en raak meestal swart mense – terwyl welvaarteienaarskap en beter lewens grootliks vir wit mense beskore is.

Kolonialisme en apartheid het reeds bestaande tradisionele praktyke wat die waardigheid en welstand van vroue in die samelewing ondermyn het, vererger. Die patriargale praktyke wat tradisionele Afrika-gemeenskappe gekenmerk het, is polities gebruik om die belange van agtereenvolgende minderheidsregerings te sterk. Dit is onweerlegbaar dat, in vergelyking met hulle manlike eweknieë, vroue oor die algemeen 'n swakker posisie in die samelewing gehad het.

Die baie jare van rassistiese en isolerende beleid van apartheid het die sade van xenofobie geplant, veral teenoor Afrikane, en het sodoende eeue van broederskap en susterskap onder Afrikane in Suid-Afrika en diegene uit ander dele van die kontinent ongedaan gemaak. Dit is hoe Afrikane die ergste slagoffers van xenofobie in hedendaagse Suid-Afrika geword het. Hierdie Nasionale Aksieplan is 'n reaksie op die oproep deur die Durban-konferensie en is hoofsaaklik veronderstel om te dien as 'n leidende dokument vir nasionale pogings om rassisme, rassediskriminasie, xenofobie en tersaaklike onverdraagsaamheid, uit te roei.

Die NAP behoort nie net aan die regering nie – dit behoort aan die land. Luidens die VN-riglyne[1]*, is 'n nasionale aksieplan teen rassediskriminasie 'n meganisme vir die doeltreffende nastrewing van nasionale doelwitte. Dus moet dit beskou word as 'n waarlik nasionale onderneming, wat alle elemente van die regering en samelewing betrek. Die Staat speel 'n sleutelrol in die inisiëring, loodsing en implementering van die nasionale aksieplan teen rassediskriminasie. Terselfdertyd moet die plan deur die hele nasie "besit" word, ten einde werklik 'n verskil te maak. State moet*

[1] Developing National Action Plans against Racial Discrimination, A Practical Guide, UNHR, 2014, p. 10

betekenisvolle vennootskappe met alle tersaaklike belanghebbendes vorm ten einde hul oogmerke te bereik.

Die NAP se omvang is nasionaal en is van toepassing op alle takke en sfere van die regering, met inbegrip van die uitvoerende gesag, die Parlement en die regbank op alle vlakke.

Die NAP is ontwikkel deur 'n omvattende raadplegingsproses wat die regering, die hoofstuk 9-instellings en burgerlike samelewing betrek het en is gerig deur algemene beginsels van universaliteit, onderlinge afhanklikheid en onverdeelbaarheid van menseregte, deelname en insluiting, progressiewe realisering, verantwoordbaarheid, gelykheid en niediskriminasie.

- *Universaliteit: Die NAP moet erken dat fundamentele menseregtenorme universele beskerming deur gewoontevolkereg oor alle grense en beskawings heen geniet. Dit moet bestaanbaar wees met die Staat se plig om menseregte en fundamentele vryhede te respekteer, te beskerm, te bevorder en te vervul, ongeag die Staat se politieke, ekonomiese of kulturele stelsels.*

- *Interafhanklikheid en onverdeelbaarheid: Die NAP moet gelyke aandag skenk aan alle kategorieë van regte, met inbegrip van siviele en politieke regte, asook ekonomiese, maatskaplike en kulturele regte, veral met inagneming dat die ontkenning van een reg sonder uitsondering die genieting van die ander regte belemmer.*

- *Deelname en insluiting: Die NAP moet volle, doeltreffende en gelyke deelname waarborg. Dit moet individue en groepe bemagtig wat rassediskriminasie ervaar het of ervaar om hul menseregtebehoeftes te identifiseer en te verseker dat aan daardie behoeftes voldoen word.*

- *Progressiewe verwesenliking: Die NAP moet geteikende, geregtelik konsekwente en genoegsaam progressiewe beleid ontwikkel om die regte van individue en groepe wat rasse- en ander diskriminasie ervaar, te verseker.*

- *Verantwoordbaarheid: Om doeltreffend te wees, vereis die NAP die ontwikkeling van 'n stelsels van verantwoordbaarheid gebaseer op spesifieke, bepaalbare doelwitte. Meganismes moet ontwikkel word om die instellings in beheer van die inwerkingstelling daarvan, aanspreeklik te hou teenoor die groepe en individue wie se regte dit veronderstel is om te bevorder en te beskerm.*

- *Gelykheid en niediskriminasie: Die beginsel van niediskriminasie is die hoeksteen van die reg oor menseregte en 'n beginsel wat in alle verdrae oor menseregte ingesluit word. Die NAP moet gerig word deur die beginsel van die genieting van menseregte op gelyke voet as 'n essensiële deel van die verbod op rassediskriminasie. Dit moet streef om te waarborg dat menseregte toegepas word op 'n grondslag van gelyke toegang, geleenthede en resultate, in werklikheid en reg, vir alle persone. Dit moet voorkeur gee aan diegene wat die kwesbaarste vir menseregteskendings is. Niediskriminasie en gelykheid is essensieel tot die uitoefening en genieting van menseregte. Die reg op gelykheid en niediskriminasie vereis dat State niediskriminasie waarborg in die uitoefening van elke mensereg.*

- *Interseksionaliteit.*

Die NAP is gegrond op die gesamentlike oortuiging van Suid-Afrikaners dat, aangesien die euwels van onregverdige diskriminasie en ongelykheid mensgemaak is; hulle omgedraai kan word en heeltemal uit die land kan verdwyn.

DEFINISIES

Verduidelikende nota: *Die Wêreldkonferensie teen Rassisme, Rassediskriminasie, Xenofobie en Verwante Onverdraagsaamheid, wat van 31 Augustus tot 8 September 2001 in Durban was, erken die "International Convention on the Elimination of All Forms of Racial Discrimination" ("ICERD") as die hoof internasionale instrument om rassisme, rassediskriminasie, xenofobie en verwante onverdraagsaamheid uit te skakel.*

Die NAP gebruik dus die omskrywings vervat in die ICERD en, waar van toepassing, ander internasionale verdrae. Waar ons wetgewing of die Konstitusionele Hof sekere omskrywings verder aangevul het, word dit dienooreenkomstig aangedui.

Diskriminasie: Enige handeling of nalate, met inbegrip van 'n beleid, wetsbepaling, reël, praktyk, voorwaarde of situasie wat direk of indirek--

(a) laste, verpligtinge of benadeling oplê aan; of

(b) voordele, geleenthede of voorspronge terughou van,

enige persoon op een of meer van die verbode gronde.[2]

Gelyste gronde: Beteken die gronde in artikel 9 van die Grondwet uiteengesit.

Geslagsgebaseerde diskriminasie: Enige onderskeid, uitsluiting, of beperking gemaak op grond van geslag wat die uitwerking of doel het om die erkenning, genieting of uitoefening deur vroue, ongeag hulle huwelikstaat, op grond van gelykheid van mans en vroue, van menseregte en fundamentele vryhede in die politieke, ekonomiese, sosiale, kulturele, burgerlike of enige ander veld, te belemmer of te verydel.[3]

Haatmisdade: 'n Haatmisdaad is 'n misdryf kragtens enige wetsbepaling erken, waarvan die pleging deur 'n persoon gemotiveer word deur daardie persoon se vooroordeel of onverdraagsaamheid teenoor die slagoffer van die betrokke misdaad weens een of meer van die volgende kenmerke of vermeende kenmerke van die slagoffer of sy of haar familielid of die slagoffer se vereenselwiging met of ondersteuning vir 'n groep persone wat die genoemde kenmerke deel:

(a) Ouderdom;

(b) albinisme;

[2] "Promotion of Equality and Prevention of Unfair Discrimination Act", 2000 (Wet No. 4 van 2000)
[3] Konvensie oor die uitwissing van alle vorme van diskriminasie teen vroue (CEDAW)

(c) geboorte;

(d) kleur;

(e) kultuur;

(f) gestremdheid;

(g) etniese of sosiale herkoms;

(h) geslagtelikheid of geslagtelike identiteit;

(i) MIV-status;

(j) taal;

(k) nasionaliteit, migrante of vlugtelingstatus;

(l) beroep of bedryf;

(m) politieke assosiasie of oortuiging;

(n) ras;

(o) geloof;

(p) seksualiteit, ook interseksualiteit; of

(q) seksuele georiënteerdheid.[4]

Haatspraak: Die opsetlike publikasie, verspreiding, verkondiging of oordrag aan een of meer persone op ’n wyse wat redelik uitgelê kan word om ’n duidelike voorneme te toon—

(i) om skade aan te doen of skade aan te hits; of

(ii) haat te bevorder of te verkondig,

gegrond op een of meer van die volgende gronde:

(aa) ouderdom;

(bb) albinisme;

(cc) geboorte;

(dd) kleur;

(ee) kultuur;

(ff) gestremdheid;

(gg) etniese of sosiale herkoms;

[4] “The Prevention and Combating of Hate Crimes and Hate Speech Bill”, 2018

(hh) geslag of geslagsidentiteit;

(ii) MIV-status;

(jj) taal;

(kk) nasionaliteit, migrante of vlugtelingstatus;

(ll) ras;

(mm) geloof;

(nn) seksualiteit, ook interseksualiteit; of

(oo) seksuele georiënteerdheid.[5]

Indirekte diskriminasie: Wetsbepalings, beleid of gedrag wat neutraal en niediskriminerend mag voorkom kan nogtans diskriminasie tot gevolg hê.[6]

Rassediskriminasie: Enige onderskeid, uitsluiting, beperking of voorkeur gebaseer op ras, kleur, herkoms, of nasionale of etniese oorsprong wat die doel of uitwerking het om die erkenning, genieting of uitoefening, op 'n gelyke voet, van menseregte en fundamentele vryhede in die politieke, ekonomiese, sosiale, kulturele of enige ander veld van openbare lewe te verydel of te belemmer.[7]

Rassisme: Vooroordeel, diskriminasie, of antagonisme gerig teen iemand van 'n ander ras gegrond op die oortuiging dat mens se eie ras beter is.[8]

Verbode gronde is--

(a) ras, geslagtelikheid, geslag, swangerskap, huwelikstaat, etniese of sosiale herkoms, kleur, seksuele georiënteerdheid, ouderdom, gestremdheid, godsdiens, gewete, oortuiging, kultuur, taal en geboorte; of

(b) enige ander grond waar diskriminasie gebaseer op daardie ander grond--

(i) sistemiese nadeel veroorsaak of verewig;

(ii) menswaardigheid ondermyn; of

(iii) die gelyke genieting van 'n persoon se regte en vryhede op 'n ernstige wyse raak wat vergelykbaar is met diskriminasie op 'n grond in paragraaf *(a)* bedoel.[9]

[5] "The Prevention and Combating of Hate Crimes and Hate Speech Bill", 2018
[6] City Council of Pretoria v Walker *1998 (2) SA 363*
[7] CERD, artikel 1
[8] Oxford Living Dictionary

xenofobie: ’n Houding van vyandigheid teenoor nieboorlinge in ’n gegewe bevolking.[10]

[9] “Promotion of Equality and Prevention of Unfair Discrimination Act”, 2000 (Wet No. 4 van 2000)
[10] UNESCO http://www.unesco.org/new/en/social-and-human-sciences/themes/internationalmigration/glossary/xenophobia/

AKRONIEME

GV	Grondwetlike Vergadering
CEDAW	Konvensie oor die Uitwissing van alle vorme van Diskriminasie teen vroue
CODESA	Konvensie vir ’n Demokratiese Suid-Afrika
CRPD	Konvensie oor die regte van persone met gestremdhede
DAC	Departement van Kuns en Kultuur
DDPA	Durban verklaring en program van aksie
DOJCD	Departement van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling
DPME	Departement van Beplanning, Monitering en Evaluasie
EAB	Ekonomies Aktiewe Bevolking
GGG	Geslagsgebaseerde geweld
ICERD	Internasionale konvensie oor die uitwissing van alle vorme van rassediskriminasie
LGBTI	Lesbies, gay, biseksueel, transgender en interseks
NAP	Nasionale Aksieplan
NOP	Nasionale Ontwikkelingsplan
PEPUDA	“Promotion of Equality and Prevention of Unfair Discrimination Act”, 2000 (Wet No. 4 van 2000)
SAMRK	Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie
SARB	“SA Reconciliation Barometer Survey”
SEJA	Sosio-ekonomiese geregtigheid vir almal
WVK	Waarheids- en Versoeningskommissie
WCAR	Wêreldkonferensie teen rassisme, rassediskriminasie, xenofobie en verwante onverdraagsaamheid
WPRPD	Witskrif oor die regte van persone met gestremdhede

"Niemand word gebore met haat vir iemand anders weens die kleur van sy vel, of sy agtergrond, of sy godsdiens nie. Mense leer om te haat, en as hulle kan leer om te haat, kan hulle leer om lief te hê, want liefde kom meer natuurlik na die mensehart as die teenoorgestelde daarvan." (Vertaling)

Nelson Mandela

HOOFSTUK 1: INLEIDING EN DOEL VAN DIE NAP

1. Suid-Afrika is deur die Verenigde Nasies genooi om die Derde Wêreldkonferensie teen rassisme, rassediskriminasie, xenofobie en verwante onverdraagsaamheid ("WCAR"), wat in 2001 gehou is, aan te bied. Die uitnodiging was in erkenning van Suid-Afrika se mense se stryd teen die apartheidstelsel en die land se oorgang na demokrasie gegrond op demokratiese waardes. Die WCAR is deur verteenwoordigers van 160 lande bygewoon. Die konferensie het die historiese Durban verklarings en program van aksie ("DDPA"), deurgevoer wat state aanmoedig om sonder oponthoud nasionale beleid en aksieplanne in te stel en in werking te stel om rassisme, rassediskriminasie, xenofobie en verwante onverdraagsaamheid, insluitend die geslagsgebaseerde verskynsels, te bekamp.[11]

2. Die Durban-deklarasie erken dat -

    - rassediskriminasie in alle samelewings bestaan;
    - geen land vry is van rassisme, rassediskriminasie, xenofobie en verwante onverdraagsaamheid nie; en
    - alle lande deur uitdagings om rassediskriminasie uit te roei, in die gesig gestaar word.

    Die Durban-deklarasie maak die punt dat regerings en alle mense moet saamwerk ten einde hierdie kwessies suksesvol te hanteer ten einde houdings te verander, bewustheid oor die plaag van rassisme en rassediskriminasie te verhoog, en om gespesialiseerde liggame in te stel en te versterk om dit te bekamp.

3. 'n Nasionale Aksieplan ("NAP") voorsien die basis vir die ontwikkeling van 'n samehangende openbare liggaam teen rassediskriminasie en state by om gevolg te gee aan hulle internasionale menseregteverpligtinge in verband met die uitwissing van rassisme, rassediskriminasie, xenofobie en verwante onverdraagsaamheid.[12]

4. Die NAP is nie veronderstel om bestaande wette en beleid te vervang nie, maar eerder om **aanvullend** te wees by bestaande wetgewing, beleid en programme wat gelykheid, billikheid en diskriminasie hanteer. Die NAP sal meganismes voorsien vir die dokumentering en monitering van voortgesette insidente van rassisme, rassediskriminasie, xenofobie en verwante onverdraagsaamheid, met inbegrip van die instelling van 'n blitsreaksiespan, wat direk aan die regering en die breë samelewing verslag doen, dien as 'n barometer wat die

[11] Par 66 van die DDPA
[12] Soos vereis deur die DDPA, par 66

omvang van die insidente meet, die omstandighede wat hulle voortsetting moontlik maak en die voorsiening van nutsmiddels om hulle te hanteer.

5. Voorts word beoog dat die NAP Suid-Afrika help om sy internasionale verpligtinge ten opsigte van verdrae en teenoor die streek na te kom, d.i. die International Convention on the Elimination of All Forms of Racial Discrimination (ICERD), asook sy verbintenisse uit die Derde VN Wêreldkonferensie teen rassisme, rassediskriminasie, xenofobie en verwante onverdraagsaamheid.

Spesiale klem op prioriteitsgroepe

6. Die regte van kwesbare en gemarginaliseerde groepe om in 'n samelewing te leef wat vry is van rassisme, seksisme en diskriminasie gebaseer op ras, kleur, geslagtelikheid, seksuele georiënteerdheid en geslagsidentiteit en -uitdrukking, herkoms, nasionale en etniese oorsprong,, word dikwels uitgedaag. Hulle maak 'n prioriteitsgroep vir die NAP uit, gegewe die grondwetlike oogmerke van gelykheid en niediskriminasie en die behoefte aan beskerming teen rassisme, rassediskriminasie, xenofobie en verwante onverdraagsaamheid.

7. Die DDPA het die volgende prioriteitsgroepe geïdentifiseer:[13] Inheemse mense; Afrikane en mense van Afrika-afkoms; Asiërs en mense van Asiese afkoms; migrante; vlugtelinge en asielsoekers; slagoffers van mensehandel; intern ontheemde persone; Roma-/Sigeuner-/Sinti-reisigergemeenskappe; Joodse gemeenskappe; Moslem- en Arabiese gemeenskappe; nasionale en etniese, godsdienstige en linguistieke minderhede.

8. Die NAP prioritiseer ook groepe individue wat nie net slagoffers van rassediskriminasie is nie, maar ook veelvuldige vorms van diskriminasie ervaar, soos:

- Landelike en stedelike armes;
- Plaaswerkers en plaasbewoners;
- Persone in uiterste armoede;
- Vroue en meisies;
- Kinders en die jeug;
- Staatlose persone;
- Huishulpe;
- Mense wat met MIV/VIGS leef;
- Persone met gestremdhede;
- Ouer persone;
- Persone wat van hul vryheid ontneem is;
- Lesbiese, gay, biseksuele, transgender en intersekspersone; en
- Persone deur gewapende konflik of natuurrampe geraak.

[13] "Developing National Action Plans against Racial Discrimination, a practical guide", UNHR, Office of the High Commissioner (2014) p81

9. Die NAP is van toepassing op alle persone binne ’n nasionale jurisdiksie wat regte het op gelykheid en niediskriminasie. Staatsakteurs sowel as akteurs wat nie van die staat is nie, is pligsdraers van die verpligtinge voortspruitend uit die reg op gelykheid en niediskriminasie. Die NAP, in aansluiting by die oortuiging dat menseregte universeel, ondeelbaar, onderling verbonde, onderling afhanklik en wedersyds versterkend is, beoog om die gelyke genieting van alle menseregte, met inbegrip van burgerlike, kulturele, ekonomiese, politieke en sosiale regte, te verseker. Die NAP neem ook in ag dat die reg op gelykheid en niediskriminasie opsigself regte is en geskend kan word sonder om met die ontsegging van ander regte geassosieer te word – iets wat in ons Grondwet beklemtoon word.

10. State het ’n plig om menseregte te bevorder en te beskerm en die skending van daardie regte te voorkom. State is verplig om nie in te meng met die genieting van die regte van slagoffers van rassediskriminasie nie. State is ook verplig om skendings van die regte van slagoffers van rassisme en rassediskriminasie deur Staats- en niestaatsakteurs te voorkom. Daar word van state vereis om maatreëls aan te neem om enige hindernisse te verwyder wat mag inbreuk maak op die genieting van die reg op niediskriminasie gegrond op ras, kleur, herkoms, of nasionale of etniese oorsprong. Dit sluit die plig in om diskriminasie in die private sfeer te verbied.

11. Die ontwikkeling en instelling van die NAP stel die tegniese raamwerk daar vir die Staat se beleid, programme, strategieë en maatreëls om rassisme, rassediskriminasie, xenofobie en verwante onverdraagsaamheid te beveg en stel voldoening daar aan die staat se verpligting om alle individue en groepe te beskerm teen rassisme, rassediskriminasie, xenofobie en verwante onverdraagsaamheid.

Die hooffokus van die NAP

12. Die **hooffokus** van die NAP is om die kwessie van rassisme in ons land spesifiek te hanteer. Benewens bestaande maatreëls, is die NAP ook veronderstel om xenofobie en verwante onverdraagsaamheid te beveg en om die volgende te hanteer:
    - Bevorder menswaardigheid deur die bevordering en beskerming van menseregte;
    - Skep bewustheid van teen-rassisme, gelykheid en teen-diskriminasiekwessies onder staatsamptenare, die burgerlike samelewing en die algemene publiek, mobiliseer ondersteuning van ’n wye verskeidenheid mense en hanteer die behoefte om rassisme te voorkom, te beveg en te hanteer;
    - Moedig die insameling van data oor rassisme, rassediskriminasie, xenofobie en verwante onverdraagsaamheid aan en maak ’n meer omvattende assessering van hulle behoeftes moontlik, ten einde dit doeltreffend te bekamp;
    - Verseker dat die sorge van individue en groepe wat rassisme, rassediskriminasie, xenofobie en verwante onverdraagsaamheid meer doeltreffend hanteer word;
    - Verhoog die doeltreffendheid en samehangendheid van maatreëls teen rassisme, rassediskriminasie, xenofobie en verwante onverdraagsaamheid, met inbegrip van finansiële en mensehulpbronne;

- Verwek ’n toewyding tot die uitroei van rassisme, rassediskriminasie, xenofobie en verwante onverdraagsaamheid deur gepaste programme gerig op die bereiking van haalbare teikens;
- Versterk programme vir individue en groepe wat rassisme, rassediskriminasie, xenofobie en verwante onverdraagsaamheid in die onderwys, gesondheid, indiensneming, behuising, voedselsekuriteit, maatskaplike dienste en toegang tot geregtigheid, met inbegrip van, waar nodig deur gepaste herstelle;
- Fasiliteer die identifikasie van wetgewing wat gewysig en of deurgevoer moet word met die oog op die verbetering van die beskerming van slagoffers; en
- Bou ’n meer gelyke samelewing en versterk die oppergesag van die reg en demokrasie.

HOOFSTUK 2: HISTORIESE KONTEKS

13. Die Suid-Afrikaanse nasie weerspieël ’n sameloop van geskiedenis, identiteit en kultuur, wat die oorsprong, verspreiding en herintegrasie van die mensdom oor honderde, duisende jare verteenwoordig, gekenmerk deur gewelddadige konflik, materiële onteiening en politieke onderdrukking. In plaas van om op die reeds bestaande fondasies van die diverse menslike inwoners van Afrika se suidelikste deel voor te bou, het setlaars van Europa hard gewerk om ’n verhoog te bou waarop hulle bitter oorloë met mekaar kon veg in die soeke na verowering, materiële oormag en politieke onderwerping van die oorgrote meerderheid van inheemse volke van die grondgebied. Ná baie oorloë geveg is, het die laaste poging deur die inheemse volke om ’n georganiseerde weerstand teen koloniale onderwerping te bied, met die nederlaag van die Afrikane in 1906, in die Bambatha-rebellie, geëindig.

14. Kolonialisme het gelei tot die onderwerping van die Afrika-bevolking, die Khoi en die San, wat die slagoffers van volksmoordveldtogte was, asook die Maleier- en Indiërgemeenskappe wat gebruik is in die konstruksie van die ekonomiese fondamente van witminderheids-oorheersing. Die gevorderde industriële basis van die koloniale magte, wat sodanige onderwerping moontlik gemaak het, het die toepassing van gevorderde vorms van ekonomiese produksie en handel in die Suid-Afrikaanse geografiese spasie bekend gestel, wat staat gemaak het op inheemse en slawearbeid uit Asië. Dit is hierdie moeilike verlede wat steeds die sosiokulturele mosaïek van hedendaagse Suid-Afrika definieer.

15. Onder kolonialisme en apartheid, is swart mense[14] onderdruk, van hul grond en ander bestaansmiddele onteien en sistematies ontneem van hul basiese menseregte, met inbegrip van die reg om te stem en die vryheid van beweging en assosiasie. Rassediskriminasie het berus op die politieke uitsluiting van swart mense, wat tot hul ekonomiese ontmagtiging gelei het. Die meeste is ook uitgesluit uit verteenwoordigende regering en van baie van die regte en voorregte wat die land se wit inwoners gehad het. Rasgebaseerde wetgewing wat in die 1920’s en 1930’s deurgevoer is, het rassediskriminasie verder uitgebrei. Die aanneming van apartheid in 1948 was na bewering ’n model vir die “aparte ontwikkeling”

[14] Africans, Coloureds and Indians

van rasse, maar het in werklikheid wit bevoorregting bewaar. Apartheid het letterlik elke liewe deel van ’n persoon se lewe geraak – waar hulle toegelaat is om te bly, met wie hulle kon trou, met wie hulle kon assosieer, watter regeringsdienste, indien enige, hulle kon gebruik. Ons is ’n veeltalige samelewing, maar onder apartheid was die onderdrukking van Afrika-tale onlosmaaklik verbind aan rassedominansie.

16. Rassediskriminasie het aanleiding gegee tot protes- en weerstandpolitiek in Suid-Afrika van die laat 1940’s en met groter intensiteit, ná 1976. Suid-Afrika se onderdrukte meerderheid het hulself georganiseer in ’n volgehoue verset, wat politieke organisasies, arbeidsbewegings, tradisionele owerhede en verskeie organe van die burgerlike samelewing betrek het. Die stryd teen apartheid is in die buiteland versterk deur die aksies van internasionale solidariteit. Van die middel tot laat 1980’s het die apartheidstaat verhoogde ekonomiese en diplomatieke isolasie ervaar, wat tot ekonomiese stagnering, hoë skuld in die openbare sektor en toenemend vergeefse pogings deur die polisie en regstelsel om apartheid te verdedig, gelei het. Teen die laat 1980’s het die land, met ’n maatskaplike samehang wat deur apartheid en ’n agteruitgaande ekonomie verskeur is, onregeerbaar geword.

17. Die aanbreek van demokrasie in 1994 het ’n nuwe maatskaplike orde gebring. Die Konvensie vir ’n Demokratiese Suid-Afrika (Kodesa) het gelei tot die eerste demokratiese verkiesings in 1994 en die uitvaardiging van ’n tussentydse Grondwet.

18. Die opstel van ’n nuwe Grondwet vir ’n demokratiese Suid-Afrika sou die mees betekenisvolle deel van die transformasie van ons land wees. Die Tussentydse Grondwet van 1993 en die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika het ’n nuwe grondwetlike orde ingelui waarin die Grondwet die hoogste reg van die land geword het. Die oorgang van apartheid na ’n demokratiese Suid-Afrika was ’n onderhandelde skikking wat op kompromieë berus het, wat beteken het dat daar geen wenner of verloorder was nie. Gevolglik was daar geen vervolgings van die leiers of agente van die apartheidsbedeling vir misdade van apartheid gewees nie. In plek daarvan is ’n Waarheids- en Versoeningskommissie ingestel met die take om versoening te behaal en om toesig te hou oor die toestaan van amnestie aan diegene wat gedurende die apartheidsjare ernstige skendings van menseregte gepleeg het.

19. Die eerste demokratiese verkiesing wat op 27 April 1994 plaasgevind het, het die verkiesing van 400 publieke verteenwoordigers tot die Nasionale Vergadering en negentig tot die Senaat gesien. ’n Gesamentlike sitting van hierdie twee liggame het die nuutgevormde Grondwetlike Vergadering gevorm wat kragtens artikel 68(1) van die Tussentydse Grondwet gemandateer is. Die GV moes kragtens die Tussentydse Grondwet ’n finale grondwet opstel en deurvoer binne twee jaar van die eerste sitting van die Nasionale Vergadering. Die finale grondwet moes voldoen aan 34 Grondwetlike Beginsels wat deur partye onderhandel en op ooreengekom is tydens die Veelparty Onderhandelingsproses in Kempton Park. Die nuutgevormde Konstitusionele Hof moes sertifiseer hetsy aan hierdie beginsels voldoen is, al dan nie.

20. Die opstel van die finale grondwet was ’n massiewe werk. Benewens die vertoë deur politieke partye gemaak, is twee miljoen voorleggings van lede van die publiek en burgerlikesamelewingsgroepe ontvang. Tientalle openbare verhore en werkswinkels is gehou.

21. In September 1994, het die GV ses Temakomitees ingestel wat op die 34 Grondwetlike Beginsels gefokus het en verseker het dat voorleggings wat in die finale Grondwet ingesluit is, daaraan voldoen het. Elke Temakomitee is deur kundiges op ’n Tegniese Komitee bygestaan.[15] Terwyl openbare deelname in die proses relatief glad verloop het, het politieke verskille toegeneem.

22. ’n Kritieke aspek in die opstel van die finale grondwet was die instelling van ’n Onafhanklike Paneel van Grondwetlike Kundiges ingevolge artikel 72 van die Tussentydse Grondwet, met die mandaat om die GV en die voorsitters van Temakomitees van raad te bedien en verskille by te lê.

23. In Oktober 1996 is die eerste werkende konsep van die finale grondwet vir oorweging deur die GV voorgelê. Dit is deur die GV goedgekeur en op 22 November 1995 gepubliseer. Meer as vier miljoen kopieë van die konsepgrondwet is gedruk en versprei. Die publiek is drie maande gegee om kommentaar te lewer.

24. Teen Februarie, 1996, het dit geblyk daar was ten minste 65 onopgeloste kwessies ten opsigte van die konsep en ’n politieke skaakmat oor ’n paar kernkwessies. Die vierde werkende konsep van die finale grondwet is in Maart gepubliseer.

25. Onderhandelaars het in Arniston in die Wes-Kaap vergader en ’n vyfde konsep van die finale grondwet is op 15 April voorgelê. Partye het ongeveer ’n week gehad om oor die teks ooreen te kom die sperdatum waarop dit in die VG ter tafel gelê moes word. Dit het tot tweesydige samesprekings, veelsydige samesprekings en subkomiteevergaderings gelei. In ’n maratonvergadering van 24 uur wat op 18 April begin het, is op die basiese teks en aanhef tot die Grondwet ooreengekom.

26. Die Grondwetlike Komitee moes 298 voorstelle vir wysigings aan die Wetsontwerp, deur verskeie partye ter tafel gelê, in ag neem. Met net ’n week oor voor die sperdatum vir die deurvoer van die finale grondwet, was daar steeds geen ooreenkoms oor die klousules oor eiendom, onderwys en arbeid nie. Op 6 en 7 Mei, het die Grondwetlike Vergadering vir ’n finale debat oor die Wetsontwerp vergader, terwyl tweesydige samesprekings voortgeduur het. Deur die loop van die nag van 7 Mei is ’n ooreenkoms oor onderwys uiteindelik bereik.

[15] Temakomitee 1 moes die karakter van die demokratiese staat bestudeer. Temakomitee het na die struktuur van regering gekyk. Temakomitee 3 het op die verhouding tussen die verskillende vlakke van regering gefokus. Temakomitee 4 het fundamentele regte ondersoek, terwyl temakomitee 5 op die regsbank en regstelsel gefokus het. Temakomitee 6 het die gespesialiseerde strukture van regering ondersoek en is in nog vier subtemakomitees verdeel: openbare administrasie, finansiële instellings en openbare ondernemings, transformasie en monitering, en veiligheidsdienste.

27. Op 8 Mei 1996, is die finale Grondwet deur die GV deurgevoer. Uiteindelik is 421 stemme ten gunste van die Grondwet aangeteken. Die Wetsontwerp is na die Konstitusionele Hof verwys vir sertifisering. Die Konstitusionele Hof het vanaf 1 Julie nege dae van verhore gehou. Skriftelike vertoë en mondelinge argumente is deur vyf politieke partye voorgelê, terwyl 84 private partye besware aangeteken het. Sewe-en-twintig partye is 'n geleentheid gegun om mondelinge argumente voor die Hof aan te voer.

28. Op 6 September het die Konstitusionele Hof uitspraak gelewer en bevind dat sommige van die bepalings nie aan die Grondwetlike Beginsels voldoen het nie. Van die bepalings wat nie die paal gehaal het nie, was dié wat handel oor: die reg van individuele werkgewers om kollektiewe bedinging te onderneem; voldoende beskerming van fundamentele regte; die onafhanklikheid en onpartydigheid van die Openbare Beskermer en Prokureur-generaal; die Staatsdienskommissie; die raamwerk en bevoegdhede van plaaslike regering en die bevoegdhede en werksaamhede van die provinsies. Op 11 Oktober het die GV die gewysigde teks deurgevoer. Ná 'n verhoor van drie dae wat op 18 November begin het, het die Konstitusionele Hof die gewysigde teks op 4 Desember gesertifiseer. Op 10 Desember 1996, het President Nelson Mandela die eerste Grondwet van 'n demokratiese Suid-Afrika by Sharpeville onderteken. Die Grondwet het op 4 Februarie 1997 van krag geword.

29. Met 'n nuwe grondwetlike, beleid- en wetgewende raamwerk in plek is die apartheidstelsel afgebreek en die fondasie is gelê vir 'n demokratiese en inklusiewe staat gebaseer op die waardes van menswaardigheid, menseregte, vryheid, nierassigheid, nieseksisme en die regstaat. Om dit te behaal, moet die demokratiese staat streef na versoening en maatskaplike saamhorigheid en verseker dat meganismes in plek gestel is om die nalatenskap van apartheid te hanteer en die wanbalanse van die verlede te herstel.

30. In President Nelson Mandela se toespraak voor die Grondwetlike Vergadering by die deurvoer van die Nuwe Grondwet in 1996, het hy die soort samelewing beskryf wat Suid-Afrika probeer bou het. Hy het gesê die Grondwet was–

> "*ons eie beskeie bydrae tot wêreldwye demokrasie en die kultuur van menseregte; en dit is ons belofte aan die mensdom dat niks ons van hierdie koers sal laat afwyk nie. Almal sal verstaan dat ons 'n verbintenis en 'n mandaat van die oorweldigende meerderheid van ons mense in hierdie land het om Suid-Afrika te transformeer van 'n apartheidstaat na 'n nierassige staat, om die kwessie van werkloosheid en dakloosheid te hanteer, om al die fasiliteite te bou wat vir eeue lank deur 'n klein minderheid geniet is. Ons soek mans en vroue wat verbind is tot ons mandaat, maar wat bo hul etniese groepe kan uitstyg en ingevolge Suid-Afrika as 'n geheel kan dink."*[16] (Vertaling)

[16] Toespraak voor die Grondwetlike Vergadering by die deurvoer van die Nuwe Grondwet, Mei 1996

HOOFSTUK 3: DEMOKRASIE – DIE EINDE VAN ALLE VORME VAN DISKRIMINASIE?

31. Die koms van demokrasie in Suid-Afrika in 1994, het ’n kultuur van menseregte as die hoeksteen van die nuwe grondwetlike bedeling gebring en ’n omvattende stel menseregte, met inbegrip van sosio-ekonomiese regte, is in ’n Handves van Regte opgeneem, in die Tussentydse Grondwet van 1993 geïnkorporeer en in die finale Grondwet van 1996 herhaal. Die Handves van Regte is vertikaal sowel as horisontaal van toepassing en is die hoeksteen van demokrasie in Suid-Afrika. Om hierdie rede geniet dit spesiale beskerming en ’n wetsontwerp wat die grondwet wysig vereis ’n tweederdemeerderheid in die Nasionale Vergadering asook ’n ondersteunende stem van ses van die nege provinsies in die Nasionale Raad van Provinsies verteenwoordig. Vandag verseker ons howe dat Suid-Afrika se stigtingswaardes soos menswaardigheid, gelykheid en oppergesag van die Grondwet versorg word. Vandag streef ons daarna om alles wat ons doen te laat rig deur die ideale en waardes van ons Grondwet – met die Handves van Regte as ’n standaard om die bereiking van menseregte te meet.

32. Die deurvoer van die Grondwet in 1996 was ’n groot keerpunt in die land se geskiedenis. Dit is al die “geboortesertifikaat” van ’n nuwe Suid-Afrika genoem – ’n land wat grondig anders is as die een wat voorheen bestaan het. Die grondwetlik gewaarborgde reg op gelykheid en die gelyke beskerming en voordeel van die reg moet verstaan word teen die land se geskiedenis van ongelykheid, rassisme en seksisme. Ons doel om ’n nierassige, nieseksistiese en demokratiese samelewing te bou vloei voort uit ons tragiese verlede. Natuurlik het die Grondwet nie skielik of uit die niet verskyn nie, dit is die produk van uitgerekte onderhandelings - en ’n lang en troebel geskiedenis. Baie van die idees wat dit vervat is die verwesenliking van jare van stryd. In die woorde van die ontslape voormalige Hoofregter Mahomed -

> *“In sommige lande formaliseer die Grondwet slegs, in ’n regsinstrument, ’n historiese konsensus van waardes en aspirasies wat stapsgewys gegroei het uit ’n stabiele en ongebroke verlede om die behoeftes van die toekoms te akkommodeer. Die Suid-Afrikaanse Grondwet is anders: dit behou uit die verlede slegs wat verdedigbaar is en verteenwoordig ’n besliste breek van, en ’n klinkende verwerping van, daardie deel van die verlede wat skandelik rassisties, outoritêr, isolerend, en onderdrukkend is, en ’n kragtige identifikasie van en toewyding tot ’n demokratiese, universele, omgee en aspirerende egalitêre etos wat uitdruklik in die Grondwet uitgedruk is. Die kontras tussen die verlede wat dit verwerp en die toekoms waartoe dit die nasie verbind, is strak en dramaties.”*[17] *(Vertaling)`*

[17] S v Makwanyane, 1995 (6) BCLR 665, para 262

33. Die gelykheidsklousule (artikel 9) onderstut die ander regte in Hoofstuk 2 van die Grondwet, en maak voorsiening vir die "volle en gelyke genieting van alle regte en vryhede." Artikel 9 verbied onbillike diskriminasie op sekere gelyste gronde.

34. **Diskriminasie** is 'n besondere vorm van onderskeid tref – dit is onderskeid tref op onwettige gronde. Dit beteken diskriminasie op grond van een van die gronde vermeld in artikel (3) word geag onbillike diskriminasie te wees, totdat die teendeel bewys word. Daar is dienooreenkomstig 'n aanname dat die tref van onderskeid op die vermelde gronde laste aan diegene wat slagoffers van ou patrone van diskriminasie was, sal oplê of die fundamentele waardigheid van diegene wat geraak is, sal raak. Die vermelde gronde is ras, kleur, etniese herkoms, geslag, geslagtelikheid, swangerskap, seksuele georiënteerdheid, huwelikstatus, ouderdom, gestremdheid, godsdiens, gewete en oortuiging, kultuur en taal, geboorte en sosiale herkoms.

35. **Interseksionaliteit** speel 'n beduidende rol in die hantering van die verlede se patrone van diskriminasie. In die eenvoudigste vorm daarvan, het interseksionaliteit te doen met die verskeie eienskappe wat 'n rol speel in die diskriminasie wat 'n individu ervaar. Dit verwys na die "oorvleueling" van sosiale eienskappe soos geslag, ras, vermoë, godsdiens, nasionaliteit, seksuele oriëntering. Hierdie "struktuur" kan gebruik word om te waardeer hoe sistemiese ongeregtighede en maatskaplike ongelykhede op veelsydige vlakke voorkom. Interseksionaliteit voer aan dat die tradisionele opvattings van onderdrukking soos rassisme, seksisme en homofobie nie onafhanklik is nie. Hulle is eerder onderling verwant en genereer 'n stelsel van onderdrukking wat die "interseksie" van vele vorme van diskriminasie genereer.[18]

36. Die Handves van Regte is stellig die beste deel van die Grondwet wat die grootste invloed op lewe in hierdie land gehad het. Luidens die eerste woorde van Hoofstuk 2 van die Grondwet: "*Hierdie Handves van Regte is 'n hoeksteen van die demokrasie in Suid-Afrika. Dit verskans die regte van alle mense in ons land en bevestig die demokratiese waardes van menswaardigheid, gelykheid en vryheid.*"

37. Suid-Afrika het 'n aantal wette deurgevoer om gevolg te gee aan sy grondwetlike doelwitte vir die bereiking van gelykheid, menswaardigheid en die bevordering van menseregte en vryhede. Oor die afgelope 20 jaar van demokrasie, is meer as 1 200 wette en wysigings gemik op die afbreek van apartheid en die uitwissing van alle vorme van diskriminasie, deur die Parlement goedgekeur. Nuwe en gewysigde wetgewing is in plek gestel om gelykheid af te dwing en diskriminasie te voorkom, soos byvoorbeeld, die "Employment Equity Act", 1998[19] die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000,[20] die "Promotion of Administrative Justice Act", 2000[21] en die Wet op Bevordering van Gelykheid en Voorkoming

[18] Puleng Segalo, "Gender, social cohesion and everyday struggles in South Africa", Psychology in Society *On-line version* ISSN 2309-8708, Psychol. Soc. n.49 (2015) (http://www.scielo.org.za/scielo.php?script=sci_arttext&pid=S1015-60462015000200006)
[19] Wet No. 55 van 1998
[20] Wet No. 2 van 2000
[21] Wet No. 3 van 2000

van Onregverdige Diskriminasie, 2000.[22] Daarbenewens het die nuwe regering wetgewing deurgevoer wat handel oor grondherstel, die opgradering van verblyfreg, die fasilitering van toegang tot behuising en die voorsiening van maatskaplike bystand aan behoeftiges. Hierdie wette het die sistemiese ongelykhede en onregverdige diskriminasie hanteer wat in die instellings van die samelewing en die praktyke en houdings van Suid-Afrikaners voorgekom het, vir sover hierdie verskynsels die aspirasies van ons grondwetlike demokrasie ondergrawe.

38. Dit sal egter naïef wees om te verwag dat selfs die bes-opgestelde wette dekades en eeue van onderdrukking en geïnstitusionaliseerde rassisme en diskriminasie kan uitwis. Die nalatenskap van apartheid en kolonialisering is steeds met ons. Soos voormalige President Thabo Mbeki in 1998 opgemerk het:

> *"Suid-Afrika is 'n land van twee nasies. Een van hierdie nasies is wit, relatief welgesteld, ongeag geslag of geografiese verspreiding. Dit het geredelik toegang tot 'n ontwikkelde ekonomiese, fisieke, opvoedkundige, kommunikasie en ander infrastruktuur. Dit stel die deel van die nasie in staat om te argumenteer dat, met uitsondering van die volharding van geslagsdiskriminasie teen vroue, alle lede van hierdie die moontlikheid het om hul reg op gelyke geleenthede, die ontwikkelingsgeleenthede waartoe die Grondwet van '93 ons land verbind het, uit te oefen.*
>
> *Die tweede en groter nasie van Suid-Afrika is swart en arm, met vroue in die landelike gebiede, die swart landelike bevolking in die algemeen en persone met gestremdhede wat die ergste geraak word. Hierdie nasie leef in omstandighede van 'n erg onderontwikkelde ekonomiese, fisieke, opvoedkundige, kommunikasie en ander infrastruktuur. Hierdie nasie het bykans geen moontlikheid om wat in werklikheid neerkom op 'n teoretiese reg op gelyke geleenthede, uit te oefen nie, daardie reg is gelyk in hierdie swart nasie slegs tot die mate wat dit in gelyke mate nie gerealiseer kan word nie.*
>
> *Hierdie realiteit van twee nasies, onderskryf deur die voortbestaan van die rasse-, gender- en ruimtelike verskille wat kom van 'n baie lang tydperk van oorheersing deur die wit minderheid tydens die koloniale tydperk en onder apartheid, stel die materiële basis daar wat die idee versterk dat ons, inderdaad, nie een nasie is nie, maar twee nasies." (Vertaling)*

39. Noemenswaardige vordering is oor twee dekades van vryheid gemaak – tog is daar nog baie meer om te doen. Daar is steeds uitdagings wat ons die hoof moet bied. Die Suid-Afrikaanse samelewing bly verdeeld. Baie skole, woonbuurte en plekke van aanbidding is geïntegreer, maar baie is nie. Suid-Afrika se ekonomie bly een van die mees ongelyke ekonomieë in die wêreld. Die bevoorregting geheg aan ras, klas en gender is nie ten volle ongedaan gemaak

[22] Act No. 4 of 2000

nie. ’n Paar voorbeelde word hieronder bespreek om ’n blik op die blywende nalatenskap van apartheid te bied.

HOOFSTUK 4: WAT SKEUR ONS UITMEKAAR? AANPAK VAN VERSKUIWINGSLYNE

40. Armoede en ongelykheid, wat rasseverkille verskans, vorm verskuiwingslyne wat Suid-Afrika sal moet aanpak as die land die nalatenskap van apartheid wil oorkom. Mense ervaar nie net armoede en ongelykheid, wat struktureel en sistemies van aard is nie, maar ook, in baie gevalle, diskriminasie op 'n verskeidenheid gronde.

41. Suid-Afrika sukkel nie net met strukturele rassisme nie, maar ook met geïndividualiseerde of "persoonlike" onverdraagsaamhede. Die NAP het dus nie ten doel om strukturele ongelykhede te hanteer nie, aangesien die regering ander meganismes het, soos die Handves van Regte, binnelandse wetgewing en verskeie internasionale konvensies en internasionale verdrae wat ten doel het om dit te hanteer.

42. Ten opsigte van rasse-uitsluiting en -diskriminasie, het ons baie spesifieke wetgewing soos PEPUDA [23] en die "Employment Equity Act". [24] Baie van die "verskuiwingslyne"- soos armoede, grond, behuising – gaan gepaard met rassisme, rassediskriminasie, xenofobie en ander onverdraagsaamhede en dit is dus nodig om sodanige bestaande beleid en programme verder te versterk.

43. Die NAP bestaan dus in 'n kontekstuele raamwerk, waar dit fokus op rassisme, binne 'n groter program van aksie van die regering, wat ook PEPUDA en die beoogde wetgewing oor haatmisdade insluit.

Grond

44. Grond is 'n uiters emosionele vraagstuk in Suid-Afrika en een "wat vereis dat ons in die bewaarplek van geskiedenis gaan om 'n paar ongemaklike waarhede oor onsself konfronteer."[25] (Vertaling)

45. Onteiening van grond lê ekonomiese ongelykheid en die onteiening van die Arika-meerderheid in Suid-Afrika ten grondslag. Grondeienaarskapspatrone weerspieël steeds historiese koloniale en apartheid ekonomiese ongeregtighede. Ondanks grondhestelprogramme deur die demokratiese regering ingestel, bly 'n oorgrote meerderheid van swart mense steeds in landelike gebiede en oorbevolkte informele nedersettings, met geen toegang tot produktiewe grond nie. Hulle bly uitgesluit van eienaarskap van eiendom wat deur die bank gewaardeer is en grond vir kommersiële

[23] Die "Promotion of Equality and Prevention of Unfair Discrimination Act", 2000 (Wet No. 4 van 2000)
[24] Die "Employment Equity Act", 1998 (Wet No. 55 van 1998)
[25] Nzimande, "*Land Question: It's about identity*", Mail & Guardian, 28 Feb 2018 (https://mg.co.za/article/2018-02-28-land-identity-white-guilt)

boerdery en betekenisvolle onderneming. Dit plaas ernstige beperkings op die produktiewe vermoëns van swart mense en hul vermoë om welvaart te skep en aan die armoedestrik te ontsnap.

46. Ná eeue van koloniale oorheersing en dekades van apartheidsregering, het demokratiese Suid-Afrika begin om grondregte te herversprei as ’n wyse om rasse-ongeregtighede van die verlede reg te stel en die grondslag te lê vir meer gelyke ontwikkeling. In die najaag van maatskaplike geregtigheid, sal grondhervorming poog om meer as rassediskriminasie ongedaan te maak: dit sal pro-armes wees en geslagsgelykheid bevorder en, deur patrone van produksie en belegging te verander, begin om tweeledigheid in landbou te transformeer deur die lyne tussen die kommersiële en gemeenskaplike gebiede van die land te laat vervaag. [26]

47. Herverspreiding van grond is sentraal tot Suid-Afrika se strategie teen armoede. Dit is deel van ons nasionale opdrag om die historiese ongeregtigheid van grondonteiening te herstel, wat steeds die skepping van welvaart in Suid-Afrika rig.

48. Die huidige debat rondom artikel 25 van ons Grondwet hou verband met die grondkwessie en die gelyke herverspreiding van grond. Dit is nodig om historiese ongeregtighede en die nalatenskap van grondonteiening wat in 1652 deur kolonialisme begin en verder deur apartheid versterk is, te hanteer. Grondongelykheid en die nadelige impak daarvan is ’n risiko vir toekomstige politieke stabiliteit en moet hanteer word.

49. Die Grondoudit van 2017 het rapporteer dat uit 76% van nasionale landbougrond, 72% daarvan deur wit Suid-Afrikaners, 15% deur bruin mense, 5% van Indiese afkoms, 4% deur Afrikane en 3% deur ander besit word. Vroue besit slegs 14% van plaasgrond. Vandag is grondeienaarskap in Suid-Afrika steeds verdraai langs rasselyne en patriargale lyne.

50. Die uitdaging met grondhervorming is dat dit te stadig gebeur. In 1994 het die regering ’n teiken gestel om 30% van die totale produktiewe grond teen 2014 oor te dra. Dit is nie bereik nie. Die gebruik van die beginsels van “markwaarde” en “gewillige koper, gewillige verkoper” oor die beginsel van “reg en billik” in die vergoeding van grondeienaars is groot bydraende faktore.

51. Tot op datum is 8,4 miljoen hektaar grond vir grondhervormingsdoeleindes verkry; 4,9 miljoen hektaar deur die program vir grondherverspreiding en verblyfreg; en 3,5 miljoen hektaar deur die grondherstelprogram. Dit is gelyk aan 10% van totale landbougrond.

52. Die Parlement se mosie oor grondonteiening sonder vergoeding het gevra vir ’n ondersoek deur die Parlement se Grondwetlike Oorsigkomitee na, onder andere, die noodsaak om

[26] “***Land Redistribution in South Africa*****,** Commissioned report for High Level Panel on the assessment of key legislation and the acceleration of fundamental change, an initiative of the Parliament of South Africa , Kepe & Hall, September 2016”

artikel 25 van die Grondwet te wysig ten einde die staat in staat te stel om grond sonder vergoeding te onteien.

53. Pogings om billike grondherverspreiding te hanteer is bevorder na die hoë vlak van regering, met ’n inter-ministeriële komitee (IMK) oor grondhervorming – onder voorsitterskap van die Adjunkpresident – wat ingestel is om maatreëls te koördineer en in werking te stel om die herverspreiding van grond te versnel. Daarbenewens is ’n presidensiële adviespaneel van 10 persone, wat alle sektore verteenwoordig, aangestel om modelle voor te stel vir die regering om ’n regverdige en gelyke grondhervormingsproses in te stel wat die ongeregtighede van die verlede herstel, landbou-uitset verhoog, ekonomiese groei bevorder en voedselsekerheid beskerm.

Armoede, werkloosheid en ongelykheid

54. Terwyl die debat voortgaan oor die beste instrument om armoede te meet, stry niemand dat armoede en werkloosheid die uitdagings bly wat die maatskaplike bestendigheid van Suid-Afrika bedreig nie. Daar is ook diegene wat aanvoer dat demokratiese Suid-Afrika meer kan en moes gedoen het om hierdie uitdagings te takel. Sulke voorstelle mag korrek wees, maar inderwaarheid is die armoede waarin miljoene Suid-Afrikaners vandag leef ’n regstreekse gevolg van ons lang geskiedenis van kolonialisme en apartheid.

55. Terwyl post-apartheid Suid-Afrika verskeie opeenvolgende jare van ekonomiese groei geniet het, en ondanks verskeie maatskaplike ingrypings deur die regering, bly die armoedestrik hardnekkig. Dit word verder gekompliseer deur die groterwordende gaping tussen die haves” en die “have-nots”, wat Suid-Afrika een van die mees ongelyke samelewings in die wêreld maak. Wat hierdie ekonomiese groei beteken het, is dat die rykes ryker geword het en die armes armer, met die gepaardgaande vlakke van armoede wat buite verhouding deur swart mense ervaar word.

56. Die Regering is daartoe verbind om armoede uit te roei, en fiskale beleid is een kritieke hefboom wat hierdie verbintenis uitdruk. Die billike-deel-formule wat gebruik word om oordragte na provinsiale en plaaslike regeringsfere te bepaal, bevat ’n armoede-komponent as ’n herverspreidingsmaatreël. Die “maatskaplike loon” is gebruik as ’n herverspreidingsmeganisme van die regeringsbegroting wat doelbewus daarop gemik is om die lewens van armes te verbeter en hul lewenskoste te verlaag. Dit is bereik deur, onder meer, gratis primêre gesondheidsorg; skole waar skoolgeld nie gevra word nie; ouderdoms- en kinderonderhoudtoelaes; behuising; gratis basiese dienste (water, elektrisiteit en sanitasie) vir arm huishoudings. Alhoewel hierdie beleid en ingrypings sedert 1994 in merkbare vorderings in armoedevermindering uitgeloop het, word die land steeds in die gesig gestaar deur die uitdaging van hoë armoede, hoë ongelykheid en hoë werkloosheidsyfers.

57. Terwyl daar ’n buite verhouding klein maar sigbare stratum van swart mense is wat uit die opbrengste van demokrasie voordeel getrek het, weerspieël die rassesamestelling van

rykdom steeds 'n samelewing wat sigself van apartheid se sosio-ekonomiese manipulasie moet bevry. In wese het apartheid demokratiese Suid-Afrika met 'n vreemde nalatenskap gelaat waar ras en klas verweef is.

58. Die fundamentele begrip van armoede as 'n menslike konstruk en, dus, as iets wat uitgewis kan word, onderlê die perspektief van hierdie Nasionale Aksieplan om rassisme, rassediskriminasie, xenofobie en verwante onverdraagsaamheid te beveg. Die NAP se uitgangspunt berus daarop dat rassistiese onteiening en uitsluiting van die oorgrote meerderheid van swartes die sentrale rede bly waarom die meerderheid van die bevolking in ons land steeds armoedig is.

59. Armoede speel 'n belangrike rol in die onderhoud van rassisme. Dus, lê die billike verspreiding van ekonomiese mag aan die hart van die broodnodige transformasie van rasseverhoudinge en maatskaplike bestendigheid in Suid-Afrika.

60. Armoede is ook aan deelname gekoppel. Soos die "United Special Rapporteur on Extreme Poverty and Human Rights" regtens argumenteer, is armoede 'n dringende menseregtekwessie. Vir diegene wat in uiterste armoede leef, is baie menseregte buite bereik. Saam met vele ander ontberings, het die armes dikwels nie toegang tot onderwys, gesondheidsdienste of veilige drinkwater en basiese sanitasie nie. Hulle word dikwels uitgesluit van betekenisvolle deelname aan die politieke proses en van geregtigheid vir skendings van hulle menseregte. Uiterste armoede kan 'n *oorsaak* van spesifieke menseregteskendings wees, byvoorbeeld omdat die armes gedwing word om in omgewings te werk wat onveilig en ongesond is. Terselftertyd kan armoede ook 'n *gevolg* wees van menseregteskendings, soos wanneer kinders nie aan armoede kan ontsnap nie omdat 'n Staat dalk nie voldoende toegang tot onderwys voorsien nie. Die uitwissing van ekstreme armoede moet dus nie as 'n kwessie van liefdadigheid gesien word nie, maar as 'n dringende menseregtekwessie. Die hardnekkigheid daarvan in lande wat kan bekostig om dit uit te wis, kom neer op 'n duidelike skending van fundamentele menseregte.[27]

61. Swart Suid-Afrikaners toon konsekwent die hoogste armoedevlakke. In 2015, was 47% van huishoudings met swart Suid-Afrikaners aan die hoof, arm. Dit was baie hoog in vergelyking met 23% vir diegene in huishoudings met bruin Suid-Afrikaners aan die hoof, 'n bietjie meer as 1% vir die bevolking in huishoudings met 'n Indiese/Asiese Suid-Afrikaners aan die hoof, en minder as 1% onder die huishoudings met 'n wit Suid-Afrikaner aan die hoof.[28] Swart Afrikane dra die oorweldigende aandeel van armoede deur meer as nege uit elke tien individue te verteenwoordig wat onder die bogrensbroodlyn (UPBL) leef. **Tabel 1** hieronder toon die armoedetelling per bevolkingsgroep in 2006, 2009 en 2011 en 2015:

[27] https://www.ohchr.org/EN/Issues/Poverty/Pages/SRExtremePovertyindex.aspx

[28] "Overcoming Poverty and Inequality in South Africa, An Assessment of Drivers, Constraints and Opportunities" (gedoen deur die Wêreldbank, die Nasionale Beplanningskommissie se sektratariaat by die departement van beplanning, monitering en evaluasie, en Statistiek Suid-Afrika), Maart 2018.



62. **Tabel 2** hieronder toon die armoedetelling en armoedetelling per bevolkingsgroep in 2006, 2009, 2011 en 2015.

	Headcount (P_0)				Poverty gap (P_1)				Severity (P_2)			
	2006	2009	2011	2015	2006	2009	2011	2015	2006	2009	2011	2015
Total	66,6	62,1	53,2	55,5	35,6	33,5	25,5	27,7	22,5	21,3	15,0	17,0
Black African	76,8	72,6	62,4	64,2	41,8	39,8	30,3	32,5	26,6	25,5	18,1	20,1
Coloured	56,1	45,5	37,1	41,3	24,9	20,4	14,3	16,9	14,3	11,3	7,3	9,1
Indian/Asian	20,9	14,4	6,5	5,9	6,9	4,0	1,9	1,5	3,2	1,4	0,8	0,5
White	1,4	1,9	0,9	1,0	0,4	0,8	0,4	0,4	0,2	0,5	0,2	0,2

63. Die persentasie van individue wat uit maatskaplike toelaes voordeel getrek het, het toegeneem van 12,8% in 2003 tot 30,8% in 2017. Terselfdertyd het die persentasie huishoudings wat ten minste een toelaag ontvang het, toegeneem van 30,8% tot 43,8% in 2017. Meer as een derde van swart Afrikane (33,8%) het 'n maatskaplike toelaag ontvang, in vergelyking met 29,3% van bruin mense, en 14,5% van Indiërs/Asiërs. In vergelyking daarmee het slegs 6,1% van die wit bevolking toelaes ontvang. [29]

64. 'n Onlangse omvattende verslag[30] deur die Wêreldbank in samewerking met die Nasionale Beplanningskommissiesekretariaat by die Departement van Beplanning, Monitering en Evaluasie, en Statistiek Suid-Afrika, toon dat armoedevlakke oor die algemeen vandag laer is as in 1994. Relatiewe hoë en volgehoue ekonomiese groei ná die einde van apartheid in 1994 tot en met 2011 het armoedevermindering in Suid-Afrika ondersteun, alhoewel

[29] GHS 2017, Statistics SA

[30] Overcoming Poverty and Inequality in South Africa, An Assessment of Drivers, Constraints and Opportunities" (gedoen deur die Wêreldbank, die Nasionale Beplanningskommissie se sektratariaat by die departement van beplanning, monitering en evaluasie, en Statistiek Suid-Afrika), Maart 2018.

vooruitsigte vir ekonomiese groei oor die afgelope paar jaar verlangsaam het. Die ekonomie genereer tans nie genoeg werke nie, en die werkloosheidsyfer was 27.7% in die derde kwartaal van 2017. Die jeug en ongeskoolde werkers verduur die ergste van die probleem omdat werkgewers geskoolde werkers soek, en die werkloosheidsyfer onder die jeug was 38.6%. Gevolglik het armoedesyfers tussen 2011 en 2015 toegeneem. Hierdie ervaring is ’n herinnering aan die realiteit dat die land se sosio-ekonomiese uitdagings diepliggend, struktureel en lang termyn is.

Transformasie van openbare en sleutelprivateinstellings

65. Onder kolonialisme en apartheid is openbare instellings en strategiese instellings in die private sektor gebruik as instrumente van rassediskriminasie en vir die onderdrukking van swartes. Die nalatenskap van werkreservering spook steeds by demokratiese Suid-Afrika. Terwyl vordering in die staatsdiens gemaak is, bly transformasie in vele sektore onbevredigend. Die privaat sektor het ook nie so vinnig beweeg soos dit moes aangaande transformasie nie, met inbegrip van ten opsigte van die skepping van ’n inklusiewe kultuur in die werkplek.

Onderwys

66. Onderwys is histories as gereedskap van onderdrukking in Suid-Afrika gebruik. Ontneming van die meerderheid van die bevolking van gehalte onderwys wat vry van rassisme is, was een van die hoof strategieë van kolonialisme en apartheid om die onderontwikkeling van swart mense te waarborg en hulle van toegang tot kennis te ontneem. Dit is die onderwerping van die swart meerderheid aan minderwaardige en rassistiese Bantu-onderwys wat tot die historiese studentebetogings en -teenstand in 1976 en ander gelei het. Die nalatenskap van hierdie minderwaardige onderwysstelsel spook steeds vandag by ons land. Die #RhodesMustFall-beweging wat in 2015 by die Universiteit van Kaapstad begin het, was oorspronklik gerig teen ’n standbeeld ter gedenking van Cecil John Rhodes, maar die veldtog het die begin gemerk van ’n groot vlaag studentebetogings. Studente regoor die land het onder meer aangedring op die “dekolonisering” van universiteite en gratis hoër onderwys.

67. Strukturele hindernisse teen die bereiking van die reg op onderwys bestaan wel. Navorsing het konsekwent getoon dat die sterkste bepaler van onderwysuitsette in Suid-Afrika, sosio-ekonomiese status is. Gegee die geskiedenis van Suid-Afrika, is daar ’n oorvleueling van armoede, ras en historiese benadeling. Alhoewel onderwys en ekonomiese beleid ontwerp is om pro-armes te wees, kan die negatiewe uitwerking van faktore van die huislike agtergrond, nie heeltemal uitgewis word nie. Die pas van maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling in die land is dus ’n langtermynversperring vir die volle verwesenliking van die reg op onderwys.

68. Suid-Afrika word steeds deur enorme uitdagings van rassisme en ongelykheid by skole en inrigtings van hoër geleerdheid in die gesig gestaar. Ondanks ’n aantal vorderings in die toepassing van progressiewe wetgewing om integrasie te versnel, word ons nasie van tyd tot

tyd ontwrig deur insidente wat bewys dat die demoon van rassisme in skole en inrigtings van hoër geleerdheid weier om uitgewerp te word, en dat baie van ons inrigtings van geleerdheid steeds met rasse-integrasie worstel.

69. Hoofstuk 9 van die Nasionale Ontwikkelingsplan stel ’n land in die vooruitsig waar alle kinders toegang tot ’n hoë-gehalte onderwysstelsel kan kry en daarby kan baat vind. Onderwys word steeds deur uitdagings in die gesig gestaar. Faktore wat nie met skool te doen het nie, soos armoede en sosio-ekonomiese omstandighede, speel ’n rol. Gesinsverbintenisse, werk van die huis af en swangerskap, verklaar diegene wat nie onderwys ontvang nie. Daarbenewens ervaar baie leerders in Suid-Afrikaanse skole ’n taalversperring in die klaskamer.

70. Ander faktore sluit die feit in dat baie Suid-Afrikaanse kinders nie in dieselfde huishouding as hulle biologiese ouers bly nie. Armoede en volwasse ongeletterdheid weerhou ouers wat teenwoordig is dikwels daarvan om meer betrokke by hulle kinders se onderwys te raak. Baie jongmense kry nie ’n kans om hoër onderwys te kry nie, omdat hulle dit nie kan bekostig nie.

71. Suid-Afrika het staatskole en onafhanklike skole. Teen die einde van 2015, was daar 23 905 staatskole en 1 786 onafhanklike skole.[31] Staatskole sluit dié in wat heeltemal deur die staat befonds word en ander wat gedeeltelik deur die skool se beheerliggaam befonds word. Dikwels is daar ’n groot variansie in onderwyser-leerderverhoudings, -fasiliteite, -hulpbronne en bekostigbaarheid tussen die verskillende tipes skole.

72. Een van die grootste uitdagings is dat skole en inrigtings van hoër geleerdheid nie ten volle geïntegreer is nie. Ons moet die nalatenskap van die gesegregeerde onderwys hanteer en om houdings en vooroordele verantwoordelik vir die hardnekkigheid en voortgesette bestaan van rassisme te hanteer. Ons moet ook verwringing en vooroordele in die wyse waarop geskiedenis aangebied is, hanteer en verdraagsaamheid vir rasse-, kulturele en godsdienstige verskeidenheid bevorder.

73. Dit is noodsaaklik om opleiding en onderwys oor teen-rassisme in die kurrikulum te integreer, veral die waardes en komponente van demokrasie en om kurrikula te ontwikkel wat eerlik, objektief en getrou aan die waarheid oor ons pynlike verlede handel en om groter integrasie van skole te bevorder. Ons moet verseker dat skole nie net desegregeer word nie, maar ook geïntegreer word. Skole moet die demografie, diversiteit en rykheid van ons land se kulturele erfenis weerspieël. Die regering het met ’n aantal maatreëls begin om menseregte en grondwetlike bewustheid in skole te verbeter. Inisiatiewe soos die Nasionale Skolekompetisie vir Skynhowe, die Albert Luthuli-kompetise vir orale geskiedenis en die vestiging van geskiedenis as ’n verpligte skoolvak, is van onskatbare waarde in die vestiging van bewustheid van menseregte. Daarbenewens word skole wat nie inheemse tale aanbied nie, gedwing om dit te doen.

[31] https://www.education.gov.za/EducationinSA/tabid/327/Default.aspx

Kennisproduksie

74. Die onderdrukking van en diskriminasie teen swart mense in Suid-Afrika is in die verlede geregverdig deur pseudowetenskaplike verduidelikings, by die groot maat deur wit uitgewers gepubliseer, met die opset om die waarheid oor Afrika te verwring en wit mense as ’n nasie weer te gee wat intellektueel bo ander verhewe is. Swart mense is sodoende sistematies uitgesluit uit die kennisproduksiesfeer, en is dikwels slegs oor geskryf uit die standpunt van subjektiewe wit skrywers. Hierdie uitsluiting is dan polities gebruik om rassestereotipes te herproduseer. Hierdie stereotipes bestaan op vele subtiele wyses in demokratiese Suid-Afrika voort.

Dekolonisering van die verstand

75. Aangesien dit oor meer as drie eeue sistematies afgedwing is, het rasdenke ’n realiteit onder individue en binne gemeenskappe geword. Die voortbestaan van ongelykhede in welvaart en wisselende grade van toegang tot hulpbronne deur verskillende rassegroepe, asook die invloed van ras in maatskaplike omstandighede, dra verder by om rasgerigte wêreldbeskouings en houdings te handhaaf. Alhoewel dit nie openlik erken word nie, bestaan idees en oortuigings van wit oorheersing steeds tot gelyke mate onder sommige wit en swart Suid-Afrikaners. Swart minderwaardigheid is histories in die psige van diegene wat minderwaardig verklaar is, ingewortel. Die Waarheids- en Versoeningsproses (WVK) het ons geleer dat ware erkenning van die verlede nie dieselfde is as beheptheid daarmee nie, dis eerder om te verseker dat die verlede nie in die toekoms bly spook nie.

76. Suid-Afrika is ’n samelewing wat diep getraumatiseer is en wat nog met die hartseer saamleef wat deur kolonialisme en apartheid veroorsaak is. Met dit in gedagte erken hierdie NAP diegene wat slagoffers van rassisme, rassediskriminasie, xenofobie en verwante onverdraagsaamheid was en steeds is. Ons glo dat, deur die onmenslikheid van ons geskiedenis te erken, ons nasionale pogings aan die gang kan kry om die toekoms van die rasselas van die verlede te red.

77. Dit is ook nodig om te erken dat ware bevryding van rassisme by die verstand begin. Die dekonstruksie en blootlegging van die holheid van rassistiese oortuigings moet deel uitmaak van doelbewuste strategieë vir die bevegting van rassisme, rassediskriminasie, xenofobie en verwante onverdraagsaamheid – in die samehang van die Grondwet.

Maatskaplike saamhorigheid

78. Suid-Afrika se nalatenskap van rassediskriminasie omskryf steeds rasseverhoudinge en integrasie in ons samelewing vandag. Om hierdie rede moet maatskaplike saamhorigheid sentraal tot maatskaplike transformasie wees. Maatskaplike saamhorigheid verteenwoordig die teëstelling van uitsluiting en apartheid, en verteenwoordig die gees van insluiting wat nasionale pogings om ’n nuwe samelewing te bou, moet rig. Aan die kern van hierdie proses is die bevordering van ’n gevoel van gemeenskaplike aanhorigheid en ’n viering van diversiteit onder almal wat in Suid-Afrika bly. Dit sluit die herbevestiging in van die ingekorte

erfenis van die Afrika-volke. Dit is ’n dringende nasionale prioriteit om ’n verenigde, nieseksistiese en demokratiese Suid-Afrika te bou.

Openbare diskoers

79. Openbare diskoers in Suid-Afrika word hoofsaaklik gevoer deur ’n lewendige en gesofistikeerde massamedia. Die media is ’n belangrike voertuig vir die oordrag van idees en boodskappe oor rassisme, rassediskriminasie, xenofobie en verwante onverdraagsaamheid. Die media kan in positiewe asook negatiewe maniere gebruik word om nierassigheid te bevorder en rasse-onverdraagsaamheid teen te werk teenoor die aanwakker van rassistiese opinies. Kolonialisme en apartheid het histories wel sekere media gebruik om rassisme in te grawe. In hedendaagse Suid-Afrika, moet die nasionale diskoers oor die media se rol en dekking van kwessies omtrent rassisme en xenofobie altyd voortgesit word sodat ons nasie heeltyd bewus kan wees van hoe ons sulke kwessies hanteer en spesifieke aandag moet aan die rol van sosiale media gegee word.

Xenofobie

80. Xenofobie is ’n onredelike vrees, wantroue, of haat van vreemdelinge, buitelanders, of enigiets wat gesien word as vreemd of anders en is dikwels op ongegronde redes en stereotipes gebaseer. Dit kan op verskeie maniere in ’n land kop uitsteek. Byvoorbeeld, deur viktimisering op grond van iemand se nasionaliteit of voorkoms, wrede aanrandings, moorde, etniese suiwering in ’n gebied, en massa-uitwerping uit die land uit.

81. Suid-Afrika het, in die verlede en meer onlangs, wydverspreide en gewelddadige vorme van xenofobie ervaar wat tot die dood en besering van mense asook plundery en vernietiging van eiendom gelei het. Xenofobie verteenwoordig ’n ernstige uitdaging in die beskerming van menseregte. Dit is belangrik vir state, die burgerlike samelewing, die migrante asook plaaslike gemeenskappe en gemeenskapsleiers, insluitend tradisionele leiers, om hierdie verskynsel te bestry. ’n Paar metodes wat in die stryd teen xenofobie gebruik kan word, sluit in om handelinge van geweld wat deur vooroordeel gemotiveer is, te erken en te veroordeel wanneer dit voorkom, wette op haatsmidade in werking te stel, wetstoepassing te versterk, en oortreders te vervolg.

82. Dit is noodsaaklik om aanvalle te monitor en aan te meld en om uit te reik na gemeenskappe wat deur geweld geraak is om vrees te verminder, slagoffers by te staan, en aanmelding van insidente te verbeter. Dit is net so belangrik om ’n gees van integrasie te bevorder deur gemeenskappe te betrek waar xenofobie die ergste is. Regerings moet duidelike boodskappe uitstuur dat geweld teen buitelandse burgers en xenofobiese aanvalle nie verdra sal word nie en dat diegene wat by sulke aktiwiteite betrokke is, vervolg sal word.

Diskriminasie gegrond op etniese oorsprong

83. Deur ’n beleid van verdeel en heers, en deur apartheid, is swart mense in tuislande en lokasies aangekeer, wat wesenlik enklawes was wat veronderstel was om kunsmatige klowe tussen swartes te onderhou op grond van hul lidmaatskap van sekere etniese groepe. Mettertyd is etniese identiteite in sekere seksies van Afrika-gemeenskappe verdiep. Terwyl apartheid oorwin is, moet Suid-Afrika heeltyd waak teen die nalatenskap van diskriminasie op gronde van etniese oorsprong. Die Grondwet lê die grondslag vir die skepping van ’n samelewing waarin die viering van kulturele diversiteit bydra tot die skepping van ’n verenigende Suid-Afrikaanse identiteit.

84. Tog bestaan “stamgebondenheid” voort – daar is baie voorbeelde.[32] Voormalige President Mbeki het “stamgebondenheid” as ’n uitdaging vir Suid-Afrika beskryf en iets wat korrupsie laat voortbestaan, aangesien dit ’n “nutsmiddel is wat politici gebruik om sekeres te manipuleer en ander te beloon.” [33] (Vertaling)

Diskriminasie en geweld op grond van geslag

85. Histories was daar ’n interseksie tussen rasse- en geslagsdiskriminasie. Hierdie interseksie was gebaseer op patriargale praktyke wat alle kulture in ons land gekenmerk het. Hierdie kulturele praktyke het ’n beskouing van manlikheid bevorder wat doelbewus rondom die verlaging van vroulikheid opgerig is. Dit is net so waar dat die swakker posisie van vroue in ons samelewing ook baie te doen het met ons koloniale en apartheidsverlede. Onder apartheid het ’n meerderheid vroue in Suid-Afrika die drievoudige onderdrukking van geslag, klas en ras ervaar.

86. Vroue sowel as kinders is steeds ’n kwesbare groep in die samelewing. Hulle regte word dikwels geskend deur, onder andere, gesinsgeweld, mensehandel, kinderpornografie en arbeidsuitbuiting. Al hierdie faktore het ’n negatiewe uitwerking op die vryheid van vroue en die welstand van kinders. Dit is waar oor Suid-Afrika dat rassisme, rassediskriminasie, xenofobie en verwante onverdraagsaamheid hulself op ’n opmerklike wyse en ernstiger vorms vir vroue en kinders manifesteert. Dit sluit agteruitgang in hul lewensomstandighede, armoede, geweld en vele ander vorme van diskriminasie in.

87. Onder apartheid was swart vroue in Suid-Afrika onderwerp aan drievoudige onderdrukking, naamlik op grond van geslag, klas en ras. Die strukturele aard van apartheid het ’n enorme impak gehad op die lewens van swart vroue. Geslagtelike onderdrukking word dikwels in sosio-kulturele tradisies en houdings, ondersteun en voortgesit deur ’n ideologie wat vroue ondergeskik maak, uitgedruk.

[32] Byvoorbeeld, ’n anonieme man is aangehaal to hy verwys het na betogings in Tshwane ná die ANC se besluit om Thoko Didiza as hul burgermeesterskandidaat vir die destydse munisipale verkiesings te benoem. Hy het glo gesê: *“Die ANC kan nie ’n Zulu-persoon van KwaZulu-Natal bring om Pedis, Xitsongas en TshiVendas te regeer nie. As jy sê sy (Didiza) is van Pretoria, sê ons dan waa in Pretoria kom sy vandaan.*” (https://www.thesouthafrican.com/racism-and-tribalism-still-engraved-in-most-south-africans/)

[33] Hoofrede by die opening van UNISA se Kollege vir die Geesteswetenskappe, Januarie 2014

88. Vir die meeste arm, swart vroue het hierdie verskanste patriargie beteken hulle moes op die rand leef: ekonomies, polities en ook in verband met werk. Baie swart vroue is in ongeskoolde, swakbetaalde werk as huisbediendes of in fabrieke in gedwing.

89. Die komitee van die konvensie oor die uitwissing van alle vorme van diskriminasie teen vroue (CEDAW) meld in sy gevolgtrekkings dat apartheid se nalatenskap vir vroue wydverspreide diskriminasie en onderontwikkeling insluit, en sigbaar is in gebiede soos vroue se hoë vlakke van werkloosheid, ongeletterdheid en armoede en in die gebied van geweld teen vroue. Dit is dus kritiek dat die behoeftes en belange van vroue prioriteit geniet, op die nasionale vlak en binne die konteks van die gemeenskap en huis, ten einde gelykheid te bereik.

90. In 2015 is ’n besluit deur die VN Algemene Vergadering deurgevoer waarin die 2030 Agenda vir Volhoubare Ontwikkeling aangeneem is. [34] Die 17 Doelwitte vir Volhoubare Ontwikkeling en 169 teikens verteenwoordig ’n voorneme om aksie oor die volgende 15 jaar te stimuleer in gebiede van kritieke belang vir die mensdom en die planeet. Doel 5 is spesifiek om geslagsgelykheid te bereik en all vroue en meisies te bemagtig, met die volgende bykomstige teikens: (a) Beëindig alle vorme van diskriminasie teen vroue en meisies in die openbare en private sfere, met inbegrip van mensehandel en seksuele en ander tipes uitbuiting; (c) Wis alle skadelike praktyke uit, soos kinderhuwelike, vroeë en gedwonge huwelike en skending van vroulike geslagsdele.[35]

91. Suid-Afrika se verbintenis tot die uitwissing van rassisme, onderdrukking en uitbuiting uit ons samelewing kan nie nalaat om ook die kwessie van geslagsgelykheid te hanteer nie. Die ervaring van ander samelewings het getoon dat geslagsgelykheid nie ’n neweprodukvan ’n stryd om demokrasie of nasionale bevryding is nie. Dit moet in eie reg hanteer word. Om werklike gelykheid te bereik, moet beleid gegrond wees op ’n ware begrip van die oorgeërfde, verskanste patriargie en die wyse waarop dit ditself in ons samelewing manifesteer.

92. Geslagsgelykheid is ’n grondwetlike opdrag in Suid-Afrika. Die Grondwet streef om gelykheid tussen vroue en man te bereik deur rasse-, geslags- en alle ander vorme van diskriminasie te verbied. Hierdie erkenning is ferm in die Grondwet gegrond en weerspieël in ’n wye verskeidenheid wette, beleid, programme en praktyke. Die grondwetlike opdrag oor geslagsgelykheid is duidelik en die wetgewende proses moet die boustene vir ’n geslagsbillike samelewing voorsien.

93. Dit is kommerwekkend dat minder as 50% van vroue van die Grondwet weet. Navorsing toon dat ten opsigte van algemene kennis oor die Grondwet, vlakke van kennis soortgelyk was tussen manlike en vroulike respondente. Terwyl 37% van manlike respondente lae vlakke van kennis getoon het, was dit die geval met 40% van vroulike respondente. Aan die

[34] UN General Assembly, Transforming our world: the 2030 Agenda for Sustainable Development, 21 October 2015, A/RES/70/1.
[35] National Strategic Plan on Gender-based Violence Shadow Framework (Stop Gender Violence Campaign), 2017, page 22

ander kant van die skaal, het 36% van manlike respondente hoë vlakke van grondwetlike kennis gehad, en so ook 32% van vroulike respondente.[36]

94. Suid-Afrika het een van die hoogste vlakke van geweld teen vroue in die wêreld, met geslags- en seksueel gebaseerde geweld op grond van seksuele oriëntasie en geslagsoriëntasie of –uitdrukking wat wydverspreid en toenemend genormaliseer en ondergerapporteer is. In Augustus 2018, het die #TheTotalShutdown-beweging – 'n beweging van vroue (cisgender asook transgendervroue) en genderniekonformerende mense – 'n memorandum aan die Regering afgelewer wat gestel het dat geslagsgebaseerde geweld teen vroue, niekonformerende vroue en interseksvroue onaanvaarbare vlakke bereik het en onuitspreeklike leed veroorsaak, en dat sonder totale geïntegreerde optrede deur alle tersaaklike segmente van die samelewing asook politieke wilskrag, niks sal verander sodat hierdie plaag uitgeroei kan word nie. Die memorandum lê 'n aanvanklike stel van 24 eise uiteen om vroue en genderniekonformerende mense in staat te stel om hulle reg om vry van geweld te wees, te laat realiseer. Na aanleiding van en as 'n uitkoms van die #TheTotalShutdown-optog, is 'n presidensiële spitsberaad op 1 tot 2 November 2018 gehou. Tydens die spitsberaad is 'n "Declaration against Gender Based Violence and Femicide" aangeneem.

Voorkoming van diskriminasie en vooroordele teen LGBTI-persone

95. Geweld en diskriminasie op grond van seksuele oriëntasie en genderoriëntasie bestaan ongetwyfeld steeds. Die uitdaging lê in die verandering van die samelewing se houdings, om te verseker dat persone nie slagoffers is van geweld of diskriminasie in hul daaglikse lewens op grond van hulle seksuele oriëntasie, genderidentiteit en genderuitdrukking is nie.

96. 'n Opname van houdings jeens homoseksualiteit en genderniekonformiteit in Suid-Afrika, gedoen deur The Other Foundation en die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, het gevind dat dat 55% van Suid-Afrikaners aangedui het dat hulle 'n gay familielid sal aanvaar, maar slegs 27% het 'n vriend of familielid wat hulle weet homoseksueel is; 51% glo dat gay mense dieselfde menseregte as ander mense moet hê, alhoewel 72% van mening is dat selfdegeslag aktiwiteit "moreel verkeerd" is. Dit het ook bevind dat daar tussen 2012 en 2015 'n tienvoudige toename in die getal Suid-Afrikaners was wat "strongly agree" dat selfdegeslaghuwelike toegelaat moet word. Agt uit 10 mense sê hulle het nog nie – of nog nooit oorweeg – om iemand wat genderniekonformerend is, verbaal of fisiek te mishandel nie.

97. 'n Meer onlangse studie deur die Fondasie vir Menseregte ("FHR") het aangedui dat twee derdes (68%) van alle respondente saamgestem het of volkome saamgestem het dat mense in Suid-Afrika vry is om hul seksuele oriëntasie sonder vrees of veroordeling te kies en uit te druk. Byna driekwart (74%) van respondente het nie saamgestem nie of het glad nie saamgestem nie dat dit teen die waardes van hul gemeenskap is om gay of lesbies te wees.

[36] "The Foundation for Human Rights' Socio-Economic Justice for All" (SEJA) Baseline Survey, 2017

Hierdie bevinding was konsekwent oor Indiër/Asiër (72%), swart Afrikaan (73%), wit (77%) en bruin (77%) respondente asook manlike (73%) en vroulike respondente (74%). [37]

Nagedagtenis van slagoffers en nasionale heling en versoening

98. Kolonialisme en apartheid was diskriminerende beleide met oortreders en slagoffers. Hierdie onweerlegbare waarheid moes erken word sodat ons nasie kon gesond word en vordering kon maak. Die WVK het aanbeveel dat die regering ’n reeks simboliese reparasies moes ondersteun ten einde menswaardigheid en burgerlike waardigheid te herstel en oorlewendes kans te gee om die verlede tot rus te lê. Die WVK het verder aanbeveel dat die samelewing slagoffers van kolonialisme en apartheid moet gedenk deur herdenkingsdae, die oprigting van publieke gedenktekens op nasionale, streek- en munisipale vlak, en deur openbare fasiliteite in die name van slagoffers te herbenoem. Dit is nodig dat die slagoffers van apartheid in die openbare lewe erken word.

99. Die WVK het aan die einde van sy mandaat ’n lys van 300 sake aan die Nasionale Vervolgingsgesag oorhandig vir verdere ondersoek en vervolging. Ondanks druk op die NVG teen 2004, was dit duidelik dat die NVG nie hierdie sake wou voortsit nie. Die Wet op die Bevordering van Nasionale Eenheid en Versoening, 1995[38] het bepaal dat indien amnestie geweier of nie om aansoek gedoen of toegestaan is nie, die gereg sy gang moet gaan met die vervolging van oortreders verantwoordelik vir skendings.

100. Die terugkry van die waarheid, veral omtrent institusionele en sistemiese vraagstukke, word vandag in die veld van oorgangsgeregtigheid erken en herken as ’n kritieke element vir die aanspreek van die ongeregtighede van apartheid ten einde nie net te verseker dat die geskiedenis die skrikbewind wat die Veiligheidstakpolisie gevoer het, korrek weergee deur die onmenslik omstandighede van aanhouding en die marteling en dood van aangehoudenes in polisieaanhouding oop te vlek, maar ook om te verseker dat die verantwoordelike persone verantwoordbaar gehou word, en sodoende ’n boodskap in die nuwe Suid-Afrika te stuur dat marteling en polisie brutaliteit nie verdra sal word nie.

101. In ’n oop en demokratiese samelewing soos die, kan oortreders nie toegelaat word om die waarheid te onderdruk nie en sodoende ons geskiedenis te bestrooi met halwe waarhede wat die samelewing nie sal toelaat om gesond te word nie.

102. Elke individu en elke samelewing het die onvervreembare reg om die waarheid oor die verlede te weet. Na aanleiding van die doelbewuste versinsel en terughou van inligting van die WVK, het baie plegers van menseregteskendings ondersoek en verantwoordelikheid vir hulle aksies vermy. Die oorlewendes en families van diegene wat in aanhouding dood is, moet die waarheid weet oor hoe hulle geliefdes gemartel en doodgemaak is sodat hulle afsluiting kan vind. Die waarheid moet opgeteken word nie deur die oortreders nie, maar deur hulle slagoffers.

[37] Socio-Economic Justice for All (SEJA) Baseline Survey, FHR, 2017
[38] Wet 34 van 1995

103. Dit is Suid-Afrikaners uit alle kringe se plig om te begin met programme wat toegewy is aan die uitwissing van al die dralende negatiewe nalatenskappe van apartheid en diskriminasie uit ons verlede. Dit is dus gebiedend vir die regering, die korporatiewe sektor, georganiseerde arbeid, en geloofsgebaseerde organisasies om hulle eie progressiewe aanduiders te ontwikkel wat meet wat hulle bereik in die uitwissing van die plae van rassisme en die bereiking van die ideale van nasiebou en sosiale samehang.

104. Sistemiese en oorgeërfde rassisme moet deur die samelewing gekonfronteer word, want anders sal dit weer voortgebring word en oor generasies versterk word. Hierdie oorgeërfde psige van rassevooroordeel, 'n afbreek van waardes, ongelyke geleenthede en oorweldigende armoede, asook mededinging vir skaars hulpbronne, en meer onlangs, xenofobie, blaas rassisme aan. Diskriminasie op grond van seksuele oriëntasie en gender oriëntasie of uitdrukking en homofobiese geweld is ook 'n groot probleem. Meer moet gedoen word om die grondwetlike en wettige regte van seksuele minderhede te beskerm. Ongelykheid en diskriminasie bestaan steeds. Dit is teen hierdie realiteit wat die NAP nodig is.

Werk

105. Die Kommissie vir Gelyke Indiensneming het in sy jongste verslag [39] aangedui dat verteenwoordiging van die wit bevolkingsgroep meer as ses keer hulle EAB is en die Indiër-bevolkingsgroep is meer as drie keer hul EAO op topbestuursvlak. Dit toon ook dat die verteenwoordiging van die Afrikaan bevolkingsgroep ongeveer een-vyfde is en die bruin bevolkingsgroep is ongeveer die helfte van hulle EAO op hierdie beroepsvlak.

106. **Tabel 3** hieronder toon die verteenwoordiging van aangewese groepe[40] op verskillende beroepsvlakke tussen 2011 en 2017.

OCCUPATIONAL LEVEL	PERIOD	WHITE	AFRICAN	COLOURED	INDIAN	MALE	FEMALE
Top Management	2001	87%	6%	3%	4%	87%	13%
	2017	67%	14.3%	5.1%	9.4%	77.1%	22.9%
Senior Management	2001	81%	9%	5%	5%	80%	20%
	2017	56.1%	22.1%	7.7%	10.9%	66.2%	38.8%
Professionally Qualified	2001	56%	33%	6%	5%	62%	38%
	2017	36.5%	42.2%	9.6%	8.8%	53.4%	46.6%
Technical Skilled	2001	18%	58%	18%	6%	60%	40%
	2017	19.6%	61,7%	11.3%	5.6%	52.9%	47.1%

[39] 2017/18

[40] "Aangewese groepe" beteken swart mense, vroue en mense met gestremdhede wat:
(a) By geboorte of herkoms burgers van die Republiek van Suid-Afrika is; of
(b) deur naturalisasie burgers van die Republiek van Suid-Afrika geword het–
(i) Voor 27 April 1994; of
(ii) Ná 26 April 1994 en wat geregtig sou gewees het om voor daardie datum burgerskap by naturalisasie te gekry het, maar wat deur apartheidbeleid uitgesluit is and who would have been entitled to acquire citizenship by naturalisation prior to that date but who were precluded by apartheid policies

107. Met die bogenoemde in ag genome, is dit duidelik dat gelyke indiensneming voortgesette aandag verg. Maatreëls vir gelyke indiensneming is steeds baie nodig in Suid-Afrika.

Inkomsteverspreiding

108. Die jongste opname oor inkomste en uitgawes (IES)[41] kyk na die stygings in inkomste volgens bevolkingsgroep. Ons sien die grootste stygings gebeur in niewit-huishoudings. Huishoudings met Indiërs/Asiërs aan die hoof het 'n 36,8% styging getoon ('n styging van R68 013), gevolg deur huishoudings met swart Afrikane aan die hoof teen 34,5% ('n styging van R17 859). Huishoudings met bruin mense aan die hoof het 'n styging van 27,7% in inkomste gesien ('n styging van R30 152), terwyl huishoudings met wit mense aan die hoof slegs 'n 0,4% werklike styging of ongeveer R1 412 gesien het.

109. Alhoewel dit 'n beduidende groei in inkomste in nie-wit huishoudings is, is daar steeds 'n geweldige gaping tussen die bevolkingsgroepe. Huishoudings met wit mense aan die hoof verdien gemiddeld 5,5 keer meer as die inkomste van die gemiddelde huishouding met swart Afrikane aan die hoof. So terwyl die tendens van groei in inkomste baie positiewe tekens toon, bly ongelykheid 'n ernstige uitdaging vir die land. Alhoewel marginale huishoudings met mans aan die hoof steeds groter inkomstegroei toon as huishoudings met vroue aan die hoof. In die meeste huishoudings met 'n man aan die hoof, sluit die inkomste wat aangemeld word gewoonlik 'n werkende gade/lewensmaat se inkomste in, so dit is moontlik dat vordering deur hulle gades/lewensmaats ekstra gewig gee aan die huishouding se totale inkomste. Alhoewel Suid-Afrikaners ryker word, is daar oor die algemeen steeds baie hoë vlakke van ongelykheid oor en binne bevolkingsgroepe.

Tabel 4

	IES 2010/11 *(R)*	IES 2005/06 *(R)*	Real Growth	Increase in Rand terms
South Africa	119 542	102 401	16.7%	17 141
Sex of household head				
Male	151 186	127 914	18.2%	23 272
Female	70 830	62 397	13.5%	8 433
Population group of household head				
Black African	69 632	51 773	34.5%	17 859
Coloured	139 190	109 038	27.7%	30 152
Indian/Asian	252 724	184 711	36.8%	68 013
White	387 011	385 599	0.4%	1 412

[41] Income and Expenditure Survey 2010/11, Statistics SA

110. Hierdie syfers sluit ’n prominente verhouding tussen ras en klas in, veral ingevolge materiële uitsluiting. Swart Suid-Afrikaners maak die groot meerderheid uit van diegene wat materieel uitgesluit word in Suid-Afrika uitgesluit word, ’n aaklige werklikheid wat nie deur die meeste wit Suid-Afrikaners ervaar word nie. Dit is deel van die nalatenskap van eeue van kolonialisme wat in die apartheidstelsel uitgeloop het, wat ’n onderling versterkende verhouding gesmee het tussen rassediskriminasie en klasse-ongelykheid. Hierdie nalatenskap leef tot vandag voort.[42]

Behuising

111. Bevindings van die “General Household Survey”, 2017 [43] oor die persentasie van wooneenhede met ses vertrekke of meer per bevolkingsgroep word in **Tabel 5** hieronder uiteengesit. Die getal kamers sluit alle vertrekke in die woning in (ook toilette en badkamers). Hierdie vraagstuk weerspieël die lewenstandaard van die huishouding en kan verbind word aan ander eienskappe soos onderwys of waargenome rykdom. Huishoudings met wit mense (89,5%) en Indiërs/Asiërs (73,0%) aan die hoof bly meer waarskynlik in wonings met ses of meer vertrekke as huishoudings met bruin mense (42,3%) of swart Afrikane (34,7%) aan die hoof. .

Tabel 5



Gestremdheid

112. Mense met gestremdhede word wêreldwyd gemarginaliseer en uitgesluit van volle deelname aan die samelewing. Volgens navorsing deur die SAMRK, word mense met gestremdhede in Suid-Afrika in die gesig gestaar deur veelvuldige vorme van diskriminasie in

[42] Reconciliation Barometer, IJR, 2013
[43] Jaarliks deur Statistiek SA onderneem

verskeie maatskaplike sfere, ook ten opsigte van gesondheidsdienste, werk en onderwys.[44] Sonder 'n verbintenis tot maatskaplike insluiting en die akkommodasie van mense met gestremdhede, kan wesenlike gelykheid nie bereik word nie.

113. Die 2011-sensus se bevindings toon 'n nasionale voorkoms van gestremdheid van 7,5%. Provinsiale variasie toon die Vrystaat en Noord-Kaap het die hoogste verhouding van persone met gestremdhede (11%), gevolg deur Noord-Wes en Oos-Kaap (onderskeidelik 10% en 9,6%). Die Wes-Kaap en Gauteng het die laagste persentasie van persone met gestremdhede getoon (5%). die bevolkingsgroepprofiel toon dat swart Afrikane die hoogste verhouding van persone met gestremdhede (7,8%) gehad het, gevolg deur die wit bevolkingsgroep (6,5%).

114. Suid-Afrika het die CRPD en die "Optional Protocol" van 2007 onderteken en bekragtig, en is kragtens hierdie konvensie verplig om sy verbintenis ingevolge inwerkingstelling en verslagdoening te vervul. Suid-Afrika moet nog die bepalings van die CPRD binnelands in werking stel.

Albinisme

115. Diskriminasie gegrond op albinisme het baie min aandag in die Suid-Afrikaanse regskonteks ontvang. Omdat persone wat met albinisme leef, 'n klein en gemarginaliseerde groep in die samelewing is, word diskriminasie teen hulle bloot oor die hoof gesien en nie aangemeld nie.[45] Diverse sosiologiese en sielkundige faktore gee velkleur sy huidige konnotasies. In die geskiedenis van Suid-Afrika is diskriminasie op grond van velkleur nie nuut nie – die stelsel van voorreg en vooroordeel gegrond op die omvang van hoe lig of donker 'n persoon se velkleur is, is hanteer in fases soos 'kleurisme', 'velkleursvooroordeel', 'pigmentokrasie' en 'kleurkompleks'. Enige etiket wat gebruik word om 'n persoon se velkleur te beskryf, is vol probleme, en kan dui op diskriminasie, stereotipering en persepsies van skoonheid, selfs onder diegene van dieselfde ras. Persone wat met albinisme saamleef se velkleur lei tot negatiewe sosiale konstruksies onder Afrikane, insluitend oortuigings dat hulle vervloek is.[46] Dit is belangrik om daarop te let dat in November 2014, die Verenigde Nasies se Algemene Vergadering 'n resolusie deurgevoer het wat 13 Junie as internasionale dag vir bewustheid van albinisme ingestel het. Hierdie historiese resolusie het die globale fokus op voorspraak vir albinisme bevestig. Die Departement van Kuns en Kultuur het sy #AlbinismActivismCampaign op 4 Mei 2018 van stapel gestuur.

[44] "South African Human Rights Commission, Research Brief on Disability and Equality in South Africa" 2013 - 2017

[45] *Colour discrimination against persons with albinism in South Africa***,** M Mswela & M Nöthling-Slabbert, Department of Jurisprudence, School of Law, University of South Africa, Pretoria, South Africa

[46] M Mswela & M Nöthling-Slabbert

HOOFSTUK 5: SUID-AFRIKA VANDAG

116. Ons kan nie blind wees vir rassespanning wat steeds in Suid-Afrika besaan nie. Soos Mondli Makhanya skryf:[47]

> *"Ons is nie die stroopsoet reënboognasie wat die kort aartsbiskop en die eerste president van 'n "vry" Suid-Afrika" wou gehad het ons moes wees nie. Hierdie twee groot manne wou gehad het ons moes 'n menslike verteenwoordiging van die vlag wees.*
>
> *Hulle wou dit so graag hê, dat hulle vas oortuig was ons was reeds daar.*
>
> *Ongelukkig is nie genoeg praktiese werk gedoen om daardie nierassige samelewing te bou nie, wat in elk geval altyd dekades van moeite sou neem om reg te kry.*
>
> *Ons het die bereiking van 'n nierassige samelewing gevier sonder om die blywende realiteit van ons verlede te konfronteer en die gesondwordproses te hanteer.*
>
> *Nou betaal ons daarvoor. Ons gaan agteruit." (Vertaling)*

117. Die Konstitusionele Hof het erken:

> *"Die Suid-Afrikaanse samelewing is divers en was oor baie eeue heen pynlik verdeel, nie in die minste deur wette en praktyke wat haat en vrees aangewakker het nie. Uitdrukking wat haat en stereotipering op grond van onveranderlike karaktertrekke voorstaan, is besonders skadelik vir die bereiking van hierdie waardes aangesien dit patrone van diskriminasie en ongelykheid versterk en laat voortbestaan."* [48] *(Vertaling)*

118. Tog het gevalle van haatspraak die afgelope paar jaar toegeneem, terwyl ander onlangse voorbeelde van rassisme, rassistiese insidente, xenofobie en/of ander haatmisdade volop is:

- Byvoorbeeld, 'n swart student kon nie hokkieproewe in Noord-Wes bywoon nie. Sy het haar ouers omgepraat om haar Hoërskool Grenswag toe te vat vir Bokkie-weekproewe nadat haar afrigter dit goedgekeur het. Alles het glad verloop toe sy toegelaat is om te registreer nadat sy haar geboortesertifikaat gewys het en R30 betaal het, maar toe is daar na bewering vir haar gesê die proewe is slegs vir wit kinders.

[47] "Of cakes and race wars", News24, 21 Januarie 2018, https://www.news24.com/Columnists/Mondli-Makhanya/mondli-makhanya-of-cakes-and-race-wars-20180121-3

[48] *Islamic Unity v Independent Broadcasting Authority and Others*, 2002 (4) SA 294 (CC) para 43.

- Klagtes teen ’n onderwyser by die Primêre Skool Parkdene wat beskuldig is van teistering van ’n graad drie-leerling omdat dié ’n heilige Hindu rooi toutjie (Kavlava) aan sy gewrig gedra het. Die onderwyser is geskors hangende ’n ondersoek deur die Departement van Basiese Onderwys.

- ’n Mosambiekse burger is in 2015 vermoor toe hy daarop aangedring het dat jong seuns betaal vir die sigarette wat hulle tydens geweld teen buitelandse burgers uit sy stalletjie geneem het.

- In Januarie 2017 is die ikoniese Kaapse moskee, Nurul Islam, geskend met die bloed en snoet van ’n vark. Die opsigter het glo gesê hy het die polisie gebel, wat ’n voertuig uitgestuur het, maar daar is aan hom gesê hull kon nie ’n saak oopmaak nie, maar slegs die insident aanteken.

- Persone is aan crimen injuria skuldig bevind nadat hulle rassistiese opmerkings op sosiale media geplaas het.

- Die doodskis-aanrandingsaak van 2017 het groot opspraak verwek, toe ’n swart man deur twee wit mans in ’n doodskis gesit is. In ’n video-opname van die insident kon gehoor word hoe hulle dreig om ’n slang in die kis te sit en die kis aan die brand te steek.

- In die “Coligny-sonneblomsaak” is twee wit plaaswerkers van die Noord-Wes daaraan skuldig bevind dat hulle ’n 16-jarige swart tiener vermoor het deur hom uit ’n treklorrie te stamp nadat hulle hom na bewering gevang het waar hy in hulle werkgewer se landerye steel.

- Daar was talle aanvalle op LGBTI-persone, met sogenaamde “regstellende verkragtings” wat meer gereeld voorkom.

119. Die “SA Reconciliation Barometer Survey” (“SARB”): 2017-verslag, deur die Instituut vir Geregtigheid en Versoening gedoen, voorsien baie nuttige inligting oor rasseverhoudinge en versoening in ons land. Volgens die SARB het respondente wat aan die 2017-SARB-opname deelgeneem het, ietwat ontstellend, beperkte verandering in sleutelsfere van die samelewing, waargeneem.

120. In die “SEA Baseline Survey” [49] is respondente gevra om te oorweeg of hulle dink omstandighede in Suid-Afrika beter word, dieselfde bly of erger word. Byna die helfte (47%) van respondente het gedink dinge word erger, terwyl ’n kwart van respondente óf gedink het dinge bly dieselfde (27%) óf dat dinge beter word (26%). Terwyl daar geen beduidende verskille tussen manlike en vroulike respondente was nie, was die verskille tussen die rasse interessant. Drie uit elke tien (29%) swart Afrikane het gedink dinge word beter, so ook twee uit elke tien (22%) wit respondente. Indiër/Asiër en bruin respondente was minder

[49] 2017

entoesiasties oor die koers wat die land ingeslaan het. Byna twee derdes (65%) van bruin respondente en drie vyfdes (6%) van Indiër/Asiër respondente het gedink dinge word erger – dit was in teenstelling met slegs die helfte (53%) van wittes en twee vyfdes (435) van swart Afrikane.

121. In dieselfde opname het ’n beduidende persentasie (44%) saamgestem dat buitelanders nie toegelaat moet word om in Suid-Afrika te bly nie. Byna die helfte van alle wit (48%) en bruin (48%) respondente het saamgestem dat buitelanders nie in die land toegelaat moet word nie, so ook 43% van swart Afrikane en 36% van Indiërs/Asiërs. Die hoogste vlakke van wantroue was by mense van ander lande – Afrika-lande sowel as nie-Afrika lande – wat die houdings teenoor buitelanders hierbo gemeld, versterk. Ongeveer twee vyfdes van alle volwassenes in Suid-Afrika het hoegenaamd geen vertroue in mense van ander Afrika-lande (38%) of diegene van ander nie-Afrika-lande (39%) gehad nie.

122. Ten opsigte van kennis van die Grondwet, het manlike respondente meer waarskynlik (55%) as vroulike respondente van die Grondwet of die Handves van Regte gehoor. Ten opsigte van die ras van respondente, was dit meer waarskynlik dat wit mense van een van die twee gehoor het, gevolg deur Indiër/Asiër respondente (61%).

123. Terwyl die meerderheid (56%) van bruin mense van óf die Grondwet óf die Handves van Regte gehoor het, het minder as die helfte (48%) van een van die twee gehoor. Vroulike swart respondente was die onwaarskynlikste (44%) om van die Grondwet of die Handves van Regte te gehoor het.

HOOFSTUK 6: HANTERING VAN RASSISME EN DISKRIMINASIE EN BEVORDERING VAN GELYKHEID – WAT ONS TOT DUSVER GEDOEN HET

124. Die verskeie maatreëls deur Suid-Afrika geneem om te voldoen aan die land se reeks verpligtinge ten opsigte van die grondwet en menseregte is in nadere besonderhede uiteengesit as deel van Suid-Afrika se internasionale vedragrapporteringsverpligtinge. Suid-Afrika het 'n sterk regsraamwerk oor gelykheid en teen-diskriminasie. Die Grondwet vereis dat die Staat die regte in die Handves van Regte respekteer, beskerm, bevorder en vervul en die Staat het die hoofverantwoordelikheid om te waarborg dat elke individu hul regte kan uitoefen. In hierdie opsigte, het die regering van Suid-Afrika 'n aantal wette deurgevoer om gevolg te gee aan sy grondwetlike doelwitte om gelykheid en menswaardigheid te bereik en om menseregte en vryhede te laat vooruitgaan.

Gelykheid en teen-diskriminasie

125. Die reg op gelykheid en om teen diskriminasie beskerm te word, kom prominent in ons Grondwet voor.[50] Suid-Afrika het verskeie stukke wetgewing deurgevoer om diskriminasie uit te skakel en gelykheid regoor 'n verskeidenheid gebiede te verseker, bv. omtrent die bevegting van indiensnemingsdiskriminasie, is daar 'n Wet op Gelyke Indiensneming, 1998.

126. Die regering het ook die "Promotion of Equality and Prevention of Unfair Discrimination Act" (PEPUDA) deurgevoer wat onregverdige diskriminasie op grond van ras, geslag en gestremdheid verbied. Die Wet omskryf haatspraak as woord wat redelik uitgelê kan word dat dit 'n duidelike voorneme demonstreer om kwetsend te wees, leed aan te doen of haat op grond van ras, gender, geslag, swangerskap, huwelikstatus, etniese of maatskaplike oorsprong, ouderdom, gestremdheid, godsdiens, gewete, oortuiging, kultuur, taal of geboorte te bevorder. Hierdie woordomskrywing is breër as die omskrywing in die Grondwet aangesien dit beide kwetsende en skadelike spraak insluit, asook spraak wat hierdie bedoeling kan hê, en bring 'n spekulatiewe element in die woordomskrywing in.[51]

127. Die "Promotion of Equality and Prevention of Unfair Discrimination Act", 2000[52] maak voorsiening vir die raamwerk vir die inwerkingstelling van artikel 9 van die Grondwet. In

[50] Artikel 9 "(1) Everyone is equal before the law and has the right to equal protection and benefit of the law.
(2) Equality includes the full and equal enjoyment of all rights and freedoms. To promote the achievement of equality, legislative and other measures designed to protect or advance persons, or categories of persons, disadvantaged by unfair discrimination may be taken.
(3) The state may not unfairly discriminate directly or indirectly against anyone on one or more grounds, including race, gender, sex, pregnancy, marital status, ethnic or social origin, colour, sexual orientation, age, disability, religion, conscience, belief, culture or birth.
(4) No person may unfairly discriminate directly or indirectly against anyone on one or more grounds in terms of subsection (3). National legislation must be enacted to prevent or prohibit unfair discrimination.
(5) Discrimination on one or more of the grounds listed in subsection (3) is unfair unless it is established that the discrimination is fair."
[51] "Promotion of Equality and Prevention of Unfair Discrimination Act 4 of 2000". http://www.justice.gov.za/legislation/acts/2000-004.pdf
[52] Wet No. 4 van 2000

hierdie opsig, maak die Wet voorsiening vir die aanwysing van Gelykheidshowe. Die doel van die Gelykheidshowe is om aangeleenthede te bereg wat spesifiek verband hou met skendings van die reg op gelykheid, onregverdige diskriminasie en haatspraak, met die doel om die alomteenwoordige, post-apartheid skim uit te wis wat die land basies langs rasse-, gender- en geldverwante grense verdeel het. Die Wet bepaal dat alle Hooggeregshowe outomaties as gelykheidshowe aangewys word, maar, meer beduidend, ken die meeste van die beregtende bevoegdhede oor gelykheidsaangeleenthede aan die landdroshowe toe. Die Departement van Justisie wys landdroshowe aan wat jurisdiksie het om aangeleenthede oor gelykheid te hanteer, sodra voorsittende beamptes en personeel van daardie howe die gepaste opleiding ontvang het. Regulasies vir Gelykheidshowe is deurgevoer[53] en, in 2009, is alle landdroshowe as gelykheidshowe aangewys. Dit het toegang tot geregtigheid verbeter aangesien die publiek nou klagtes van onregverdige diskriminasie by die landdroshof naaste aan hul gemeenskap kan indien.

128. Die omvattende reeks regsmiddele wat vir hierdie howe beskikbaar is, is ontwerp om ’n kreatiewe, informele regterlike benadering aan te moedig wat sensitief is teenoor die omstandighede van elke saak en die behoeftes en belange van die partye. Daar is ruim staande bepalings wat toelaat dat verrigtinge deur individue, diegene wat namens hulle handel, in die belange van ’n groep of klas, in die openbare belang, of vereniging wat in die belang van sy lede optree, ingedien word.

129. Persone wat bystand benodig wanneer hulle die gelykheidshof nader, word gewoonlik bygestaan deur die klerk van die gelykheidshof of die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie of die Kommissie vir Geslagsgelykheid, na gelang van die behoefte. Alhoewel die gelykheidshof ’n formele hofsitting is, is die reëls en prosedures minder streng as in normale howe. Dit is nie ’n vereiste om regsverteenwoordiging te hê ten einde verrigtinge in die gelykheidshof in te stel nie. Die gelykheidshowe is gratis, so die klaer hoef nie enige hofgelde te betaal nie. Daar was ’n 14% verlaging in gelykheidshofsake wat tussen 2015/16 en 2016/17 aangemeld is. Die jongste syfer vir gelykheidshofaangeleenthede wat tydens 2017/18 aangemeld is, dui ’n verdere 515 verlaging in die totale getal aangemelde sake aan.[54]

130. Ons howe het ook sake afgehandel wat fokus op gelykheid en optrede teen diskriminerende wette en praktyke. Byvoorbeeld, in *Prinsloo v Van der Linde*[55] het die hof erken dat:

> *“Ons land het diverse gemeenskappe met verskillende historiese ervarings en lewensomstandighede. Tot onlangs is baie gebiede van openbare en private lewe binnegedring deur sistemiese geregtelike apartheid saam met geregtelik afgedwonge voordeel en nadeel. Die impak van gestruktureerde en uitgestrekte ongelykheid is steeds met ons ondanks die aanbreek van ’n nuwe grondwetlike orde. Dit is die meerderheid, en nie die minderheid nie, wat weens hierdie geregtelike apartheid en benadeling gely het.”*[56] *(Vertaling)*

[53] Goewermentskennisgewing No R764 van 13 Junie 2003 (*Staatskoerant* 25065)
[54] Departement van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling, Jaarverslag, 2017/2018, bladsy 34.
[55] 1997 (6) BCLR 759
[56] Par 20

131. In *Minister of Finance v Van Heerden*[57] het die hof bevind dat die Grondwet die feit erken dat almal in ons land nie gelyk is nie. Indien regsreëls en beleid hierdie realiteit ontken, sal dit bloot lei tot 'n verskansing van bestaande ongelykhede:

> *"Die jurisprudensie van hierdie Hof maak dit duidelik dat die werklike omvang van die gelykheidsreg bepaal moet word deur verwysing na ons geskiedenis en onderliggende waardes van die Grondwet.*[58] *Soos ons gesien het, is 'n groot grondwetlike oogmerk die skepping van 'n nierassige en nieseksistiese gelykmakende samelewing wat op menswaardigheid, die oppergesag van die reg, 'n demokratiese etos en menseregte gegrond is.*[59] *Van daar kom 'n opvatting van gelykheid te voorskyn wat verder strek as blote formele gelykheid en blote niediskriminasie wat identiese behandeling vereis, ongeag die beginpunt of impak."* [60] *(Vertaling)*

132. In *Minister of Home Affairs v Fourie* het Sachs J bevind dat:

> "*'n Demokratiese, universalistiese, versorgende en aspirerende egalitêre samelewing omhels almal en aanvaar mense vir wie hulle is. Om mense te straf vir wie en wat hulle is, is uiters disrespekvol van die menslike persoonlikheid en skend gelykheid.* ***Gelykheid beteken gelyke besorgdheid en respek regdeur verskille. Dit vooronderstel nie die uitwissing of onderdrukking van verskille nie. Respek vir menseregte vereis die bevestiging van self, nie die ontkenning van self nie. Gelykheid impliseer dus nie 'n gelykmaking of homogenisasie van gedrag of ophemeling van een vorm as meerwaardig., en 'n ander as minderwardig, maar 'n erkenning en aanvaarding van verskille.*** *In die allerminste, bevestig dit dat verskille nie die grondslag vir uitsluiting, marginalisering en stigma moet wees nie. Ten beste vier dit die lewenskragtigheid wat verskille na enige samelewing bring.".*[61] *(Vertaling)*

133. In *Minister of Home Affairs and Others v Watchenuka* het die hof erken dat waardigheid inherent in alle persone is, ongeag nasionaliteit:

> *"Menswaardigheid het geen nasionaliteit nie. Dit is inherent in alle mense – burgers en nieburgers eweneens – bloot omdat hulle mense is. En terwyl daardie persoon in hierdie land is – om watter rede ook al – moet dit gerespekteer word, en word dit beskerm, deur artikel 10 van die Handves van Regte."* [62] *(Vertaling)*

---

[57] 2004 (11) BCLR 1125 (CC)
[58] *Brink v Kitshoff* 1996 (4) SA 197 (CC); 1996 (6) BCLR 752 (CC) at para 40; *Prinsloo v Van der Linde and Another* 1997 (3) SA 1012 (CC); 1997 (6) BCLR 759 (CC) at para 31; *Pretoria City Council v Walker* 1998 (2) SA 363 (CC); 1998 (3) BCLR 257 (CC) at para 26
[59] Kyk byvoorbeeld artikels 1(a), 7(1) and 39(1)(a).
[60] Para 26
[61] Para 60
[62] Minister of Home Affairs and Others v Watchenuka and Others 2004 (4) SA 326 (SCA)

134. In wese word die uitsprake van ons howe voortdurend by die beleid van die regering ingewerk om te verseker dat ’n kultuur van menseregte in die land versterk word.

Haatmisdade en haatspraak

135. Haatmisdade is identiteitsmisdade, wat nie net op die identiteit van die slagoffer gerig is nie, maar ook van die groep waaraan hulle behoort. ’n Slagoffer is dus dikwels ’n simbool van ’n groter groep mense. Alhoewel haatmisdade teen enigiemand gepleeg kan word, is dit dikwels die meer gemarginaliseerde groepe wat geteiken word. Ons leef toenemend in ’n wêreld wat meer en meer op verskille fokus, ’n wêreld wat toenemend onverdraagsaam is. Daar is geen tekort aan haatmisdade of haatspraak in ons land nie. In die geval van *SAHRC v Qwelane*, het die gelykheidshof erken dat vryheid van uitdrukking nie spraak kan beskerm wat skadelik vir grondwetlike waardes en menseregte is nie, en wat demokratiese pluralisme bedreig nie.[63]

136. Suid-Afrika het ’n aantal wette wat oor diskriminasie handel, soos die “Promotion of Equality and Prevention of Unfair Discrimination Act”, asook artikel 9 van die Grondwet, en tog is nie een daarvan spesifiek daarop gerig om die kwessie van haatspraak te hanteer nie. PEPUDA hanteer haatspraak, onregverdige diskriminasie en teistering. Die term “haatmisdaad” kom nêrens in die Wet voor nie.

137. Dit is belangrik om daarop te let dat PEPUDA erken dat onregverdige diskriminasie en haatspraak misdade **kan** wees en gesien moet word as ’n verswarende faktor vir die doeleindes van vonnisoplegging. Maar dit hanteer nie haatmisdade individueel en spesifiek nie, nie soos dit teistering, diskriminasie en haatspraak hanteer nie. PEPUDA het ’n verdere swakheid in die sin dat dit spesifiek (in artikel 28(1)) fokus op diskriminasie gegrond op ras, gestremdheid en geslag, maar sluit nie nasionaliteit of seksuele oriëntasie in nie. Sodoende skep PEPUDA ’n “hiërargie van haat” deur sekere vorme van diskriminasie voorkeur oor ander te gee. ’n Verdere swakheid van PEPUDA is dat nie genoeg klem op die vind van motiewe geplaas word nie.

138. Daar is tans ’n wetsontwerp oor die voorkoming en bekamping van haatmisdade en haatspraak, die “Prevention and Combating of Hate Crimes and Hate Speech Bill”, in die Parlement ter tafel gelê. Die Wetsontwerp is gegrond op aanbevelings vervat in die beleidsraamwerk wat ontwikkel is. Die ontwikkeling van spesifieke wetgewing oor haatmisdade sal ’n aantal voordele inhou. Dit sal help om ’n gemeenskaplike woordomskrywing van haatmisdaad te skep onder diegene wat in die strafregtelike stelsel betrokke is;[64] dit sal ’n duidelike boodskap aan die publiek stuur dat haatmisdade nie in Suid-Afrika verdra sal word nie; sal ’n manier voorsien om pogings en tendense in die hantering van haatmisdade te monitor; sal doeltreffende koördinasie tussen regeringsdiensverskaffers moontlik maak om die impak van sekondêre viktimisering van slagoffers van haatmisdade te

[63] *SAHRC v Qwelane* case no EQ44/2009 (EQ13/2012) EQC (18 August 2017)

[64] Byvoorbeeld, die “National Policy Guidelines for Victim Empowerment” meld “Victims of Hate Victimisation” as ’n prioriteitsgroep vir bystand, maar daar is tans geen erkenning van “victims of hate victimisation” in enige Suid-Afrikaanse wetgewing nie.

verminder. Sekondêre viktimisering geskied waar slagoffers aan verdere onsensitiewe of ongepaste gedrag of opmerkings deur die polisie, gesondheidsorgbeamptes of beamptes van justisie, onderwerp word.

Xenofobie

139. Ná die 2015 insidente van geweld teen buitelandse burgers, is die regering se strategie, in vennootskap met verskeie organe van burgerlike samelewing, vir die proaktiewe bekamping en afweer van hierdie bedreigings, in hooftrekke beskryf in 'n veelsydige en geïntegreerde plan. Regeringspogings word teen die hoogste vlak gekoördineer deur, onder andere, drie hoof-interministeriëlekomitees. Hierdie IMK's is –die Interministeriële Komitee oor Migrasie, die IMK oor Maatskaplike Kohesie en die IMK oor Bevolkingsbeleid. Die IMK oor Migrasie se mandaat is verbreed om al die onderliggende oorsake van die spannings tussen gemeenskappe en die buitelandse burger te hanteer.

140. Van die gebiede wat in hierdie opsig aangespreek word, is die hersiening van die implementering van beleid oor arbeidsverhoudinge waar dit die buitelandse burgers raak; die implementering van die wette wat sakelisensies beheer; die land se grensbestuur en oor die algemeen die land se migrasiebeleid beheer. Dit is werk wat nog voortgaan en die IMK het konsultasies met die geraakte partye begin ten einde 'n blywende oplossing te vind vir die kwessies wat deur gemeenskappe en buitelandse burgers geopper is. Ingevolge die operasionele werking van die IMK, is die Nasionale Gesamentlike Operasionele en Intelligensiestruktuur (NATJOINTS), wat die struktuur vir die koördinering van die regering se reaksie op noodgevalle van hierdie aard is, geaktiveer. Daarbenewens voorsien 'n tegniese komitee bestaande uit die direkteurs-generaal van al die geraakte departemente, die kritieke ondersteuning vir die intensiewe werk wat gedoen moet word in die hantering van die grondoorsake van hierdie spanning. Hierdie twee strukture voorsien die nodige ondersteuning aan die IMK.

141. As deel van die werk van die IMK, het die President vergaderings van belanghebbendes in Suid-Afrika saamgeroep om die land se migrasiebeleid te bespreek en om te bespreek hoe verskeie sektore met die regering kan saamwerk om ordelike migrasie en goeie verhoudinge tussen burgers en buitelandse burgers te bevorder. Die vergaderings is bygewoon deur sake, sport, vakbondbewegings, kunste- en sportgemeenskappe, geloofsleiers, gemeenskapsformasies, kinders, persone met gestremdhede en tradisionele owerhede. Die deelnemers het die aanvalle teen buitelandse burgers eenparig verdoem en verwerp. Hulle het verder hulle verbintenis gegee om binne hulle kiesafdelings te werk om maatskaplike kohesie te bou. Daarbenewens het die President ook die verteenwoordigers van die buitelandse burgers wat in Suid-Afrika woon, uitgenooi. Al die deelnemers het die regering se pogings om die aanvalle te stop eenparig erken en geprys. Hulle het hulle daaraan toegewy om saam met Suid-Afrikaanse owerhede te werk om die uitdagings te hanteer. Dit is ook noemenswaardig dat die regering programme teen xenofobie en vir maatskaplike kohesie in skole, van stapel gestuur het.

142. Sommige van die aksies wat uit die JCPS-ingrypings voortgevloei het, sluit die volgende in:

- Die polisie het die ondersoek van hierdie aangeleenthede geprioritiseer en skakel met die Nasionale Vervolgingsgesag ("NVG") en howe in die hantering van sodanige aangeleenthede – veral waar groot getalle persone gearresteer is. Die NVG het gebeurlikheidsplanne ontwikkel om die sake doeltreffend, vinnig en effektief te bestuur en te hanteer. Daarbenewens is 'n toegewyde adjunkdirekteur van openbare vervolging, hoofstaatsaanklaers, senior staatsaanklaers en beheerstaatsaanklaers aangewys om polisieondersoeke te monitor, vervolg en te rig. Staatsaanklaers is gesentiseer en voorsien van riglyne oor die beste hantering van sulke sake. Waar nodig, word toegewyde hofsessies ingestel om te help om hierdie aangeleenthede te prioritiseer sodra dit vir verhoor gereed is.

- Monitering van die sake wat uit sodanige geweld ontstaan en die ondersoek en verhoor daarvan gaan voort. Daarbenewens is die DOJCD, die SAPD en die NVG besig om sake te hersien wat teruggetrek is, as onopgespoor toegemaak is of waar mense weens tegniese punte vrygespreek is, ten einde tekortkominge te hanteer en geïdentifiseerde leemtes te oorbrug. Die NVG het ook riglyne ontwikkel vir staatsaanklaers om te gebruik in sodanige aangeleenthede en dit word met ander rolspelers gedeel, veral die SAPD. Gemeenskapsgebaseerde veldtogte is van stapel gestuur om die regstelsel te bevorder en persone op te voed oor menseregte vir almal. Die DOJCD het verskeie sleutelgemeenskapgebeure op hoë vlak gehou om die regering se verbintenis tot die beskerming van menseregte te beklemtoon. Die DOJCD se gemeenskapsgebeure het, onder meer, op die Handves van Regte, xenofobie en gelykheid gefokus.

- Beamptes van die Nasionale Vervolgingsgesag (NVG) in die provinsies is aangemoedig om deel te neem aan die gemeenskapsgesprekke wat deur die SAMRK gereël is om mense op te voed oor kwessies wat daartoe lei dat buitelandse burgers hulle onderskeie lande verlaat en hulle bydrae tot die ekonomie van hierdie land. Deur in sekere sake borgtog teen te staan, waar nodig, het staatsaanklaers die aandag van die hof gevestig op die potensiaal vir intimidasie van getuies of klaers en die breër gevolge vir geregtigheid en die oppergesag van die reg.

- Die tak: hofdienste in die DOJCD het tolke vir vreemde tale geïdentifiseer en op 'n databasis geplaas wat kan help met tolkdienste waar dit nodig is in aangeleenthede rakende buitelandse burgers.

143. Aanbevelings is ook gemaak in die Parlementêre Ad Hoc Gesamentlike Komitee se verslag oor die peiling van geweld teen buitelandse burgers en die spesiale verwysingsgroep oor migrasie en gemeenskapsintegrasie in KZN, onder voorsitterskap van Regter Navi Pillay. Die SAMRK het 'n nasionale ondersoekende verhoor oor migrasie, xenofobie en maatskaplike kohesie in Februarie 2018, saamgeroep. Die doel van die ondersoekende verhoor was om die lot van migrante in Suid-Afrika te ondersoek, met 'n fokus op:

    - die onderliggende oorsake van en faktore wat bydra tot xenofobie en verwante onverdraagsaamheid;

- die omvang van die voorkoms van xenofobie en verwante onverdraagsaamheid in die land;
- die breër kwessies rakende die behandeling van buitelandse burgers in die land, met inbegrip van die uitdagings waardeur migrante in die gesig gestaar word wanneer hulle in plaaslike gemeenskappe moet integreer;
- die omvang van institusionele xenofobie, met die fokus op die hindernisse wat migrante moet oorkom om die nodige dokumentasie te kry;
- toegang tot ondersteunings- en basiese dienste;
- die onseker en dikwels skadelike arbeidspraktyke waartoe kwesbare groepe soos migrante onderwerp word en wydverspreide stigmatisering van buitelandse burgers;
- die mate waartoe vorige aanbevelings ingestel is, in die besonder die aanbevelings in die Kommissie se 2010-verslag, en 'n ondersoek van maatreëls geneem ná die xenofobiese geweld van 2015 om die maatskaplike integrasie van migrante in plaaslike gemeenskappe te bevorder;
- die koherensie van die wetgewende en beleidsomgewing uit 'n regtegebaseerde perspektief, en die impak daarvan op die regte van migrante;
- die konseptualisering en inwerkingstelling van reg en beleidvoorgestelde regulatoriese wysigings en hul bydrae tot die voortbestaan van stigma en diskriminasie teen migrante;
- die konseptualisering en rol van die haatmisdaadwetgewing en die Nasionale Aksieplan om rassisme, rassediskriminasie, xenofobie en verwante onverdraagsaamheid te bekamp, met inbegrip van die wyse waarop dit die huidige teen-xenofobie inisiatiewe kan beïnvloed;
- die rol van die media en openbare figure in die voortbestaan of bekamping van stereotipes wat met migrasie verband hou; en
- die uitdagings wat migrante moet oorkom om in die Suid-Afrikaanse samelewing te integreer en die maatreëls wat aangeneem kan word om maatskaplike kohesie aan te moedig.

LGBTI-persone

144. Die stigting van 'n Nasionale Taakspan (NTS) deur die DOJCD in 2011 was beoog om die voortgesette diskriminasie op grond van seksuele oriëntasie en genderidentiteit teen lede van die LGBTI-gemeenskap te bekamp. Die DOJCD het die Nasionale LGBTI-program van stapel gestuur wat die regering se verbintenis bekragtig en het opdragte uitgereik vir 'n Nasionale Intervensiestrategie om geweld op grond van gender en seksuele oriëntasie te hanteer, asook opdragte vir die blitsreaksiespan om sake in die strafregtelike stelsel voorkeurbehandeling te gee.

145. In 2012 is Suid-Afrika, by voorlegging van sy nasionale verslag aan die "Universal Periodic Mechanism" van die Verenigde Nasies se Raad op Menseregte, deur VN-lidlande geprys vir sy verbintenis tot menseregte en die verbetering van die lewens van sy burgers, die lewering van basiese dienste soos behuising, gesondheid en onderwys asook Suid-Afrika se leidende rol in die Verenigde Nasies se Raad op Menseregte, veral rakende die regte van lesbiese, gay, biseksuele, transgender en interseks (LGBTI) –persone. Suid-Afrika is ook aangemoedig om dringende maatreëls te ontwikkel om geweld teen LGBTI-persone stop te sit.

146. Toe die NTS in Mei 2013 heringestel is, het die DOJCD saam met verteenwoordigers van hoofstuk 9-instellings en organisasies van die burgerlike samelewing, soos die Fondasie vir Menseregte, het begin om ’n aantal formidabele take te verrig. Dit het onder meer ingesluit om ’n Nasionale Ingrypingstrategie te ontwikkel vir reaksie op en voorkoming van geweldsmisdade op grond van gender en seksuele oriëntasie teen LGBTI-persone en om ’n intersektorale inwerkingstellingsplan te ontwikkel wat parallelle en aanvullende inisiatiewe sal skakel, wat intern en ekstern tot die DOJCD is soos die gelyktydige ontwikkeling van ’n wetsontwerp asook ’n beleidsraamwerk op haatmisdade, en die forum vir die monitering van haat- en vooroordeelmisdade. Die NTS het onderneem om die regering se vermoë om op LGBTI-behoeftes te reageer, te verbeter en om die kapasiteit van CSO’s om verwante dienste te lewer, te versterk.

147. Dit het begin om skakels met ander staatsdepartemente te verbeter, om programme binne die DOJCD te onderneem, soos die toegang tot geregtigheid en die bevordering van grondwetlike regte, die huidige SEJA-program asook noue samewerking met tersaaklike hoofstuk 9-instellings – om rassisme, xenofobie en verwante onverdraagsaamheid te bekamp en op daardie wyse die impak van verskillende vorme van diskriminasie wat LGBTI-persone teiken, te hanteer. Dit het beoog om die bestuur van sake deur tersaaklike rolspelers in die strafregstelsel te verbeter, met inbegrip van die Suid-Afrikaanse Polisiediens, die Nasionale Vervolgingsgesag, die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling, die Departement van Gesondheid en die Departement van Korrektiewe Dienste. Laastens het dit probeer om die Nasionale Ingrypingstrategie en ander verwante oogmerke in werking te stel, te koördineer, te monitor en te evalueer.

148. Beduidende vordering is gemaak om hierdie oogmerke te bereik. Vir hierdie doel het die Nasionale Ingrypingstrategie, gemik op die voorkoming van en reaksie op geweld op grond van gender en seksuele oriëntasie, gefinaliseer en van stapel gestuur. Die Intersektorale Inwerkingstellingstrategie is gefinaliseer. Die Blitsreaksiespan vergader om vordering met nuwe en hangende sake in die strafregstelsel te hersien, terwyl multi-sektorale provinsiale taakspanne in al die provinsies ingestel is. Daardeur word die kwessie van verteenwoordiging en deelname in die NTS en publieke opvoedingsinisiatiewe aangepak. Ten einde gelykheid vir almal te verseker, moet ons beslissend reageer op insidente van diskriminasie en misdade wat gepleeg word teen LGBTI-persone, deur die meganismes te gebruik wat onder die NTS opgestel is.

Inheemse mense

149. Suid-Afrika se ongeveer 320,000 inheemse burgers sluit die San-volke in —!Xun, Khwe, en Khomani — die Nama-gemeenskappe, die Griekwa-verenigings en Koranna-afstammelinge, en die “revivalist Khoi-San”, wat gesamentlik die Khoi-San genoem word. In 1996 het die nuut demokraties-verkose regering stappe gedoen om Khoi-San-regte in artikel 6 van die Grondwet te erken, en vereis dat die Pan Suid-Afrikaanse Taalraad (PANSAT) nie net 11 amptelike tale bevorder nie, maar ook die “Khoi-, Nama en San-tale”. PanSAT het ’n Khoi en San Nasionale Taalraad geskep.

150. Ná die eerste demokratiese verkiesing in 1994, en as deel van ’n omvattende strategie om Khoi-San-identiteit te erken, is ’n Nasionale Griekwa-forum ingestel. Hierdie liggaam het toe voorgestel dat ’n nasionale liggaam ingestel word om die Khoi-San-gemeenskappe in Suid-Afrika te verteenwoordig wat as ’n enkele liggaam sal dien waarmee die regering sal oorleg pleeg oor alle kwessies rakende die Khoi-San. Op 27 Mei 1999, is ’n nasionale niestatutêre liggaam ingestel wat as die Nasionale Khoi-San-raad (NKR) bekend sou word.

151. Die regering werk steeds saam met en ondersteun die Nasionale Khoi-San-raad (NKR) wat dien as ’n enkele liggaam waarmee die regering oorleg pleeg oor alle kwessies wat met die Khoi-San verband hou. Die NKR bestaan uit 30 lede wat die vyf hoofgroepe van die Khoi-San-gemeenskap (Griekwa, San, Kaapse Khoi, Koranna en Nama), verteenwoordig. Hulle is in die ontwikkeling van die Wetsontwerp op Tradisionele en Khoi-San-leierskap (TKLB) betrek, wat onlangs deur die Nasionale Vergadering en deur die Nasionale Raad van Provinsies deurgevoer is. Die wetgewing sal voorsiening maak vir die statutêre erkenning van die Khoi-San-leiers en gemeenskappe.[65] Die Grondwet heg heelwat waarde aan die beginsels van “eenheid” en “diversiteit”. Dit bevat bepaalde kenmerke wat die reg van gemeenskappe (of inheemse volkere) om by kulturele, linguistieke en godsdienstige vorme van uitdrukking betrek te word, erken.

152. Suid-Afrika het praktiese stappe en beduidende onderwys-, ekonomiese en wetenskaplike programme ingestel en befonds vir die beskerming en bevordering van inheemse mense. Bekend as die Inheemse Kennisstelsel, bring hierdie ambisieuese program inheemse gemeenskappe, universiteite, navorsingsentrums en ekonomiese vennote bymekaar en het die ondersteuning van die regering. Die Departement Wetenskap en Tegnologie se Kantoor vir die Nasionale Inheemse Kennisstelsel (NIKSO) het internasionale erkenning ontvang vir sy innovering in die versterking van inheemse kennisstelsels in die land.

153. Die SAMRK het verklaar dat erkenning gegee moet word aan die feit dat Suid-Afrika progressiewe stappe gedoen het ten opsigte van die beskerming van die regte van inheemse volkere, met inbegrip van die instelling van talle spesifieke liggame en instellings en die inwerkingtreding van veelvuldige wette en beleid gemik op die voorkoming van onregverdige diskriminasie en die beskerming van die regte van inheemse volkere. Dit sluit in, onder meer, ’n oorvloed van wette wat gerig is op die beskerming van regte van inheemse volkere se inheemse kennisstelsels asook planne ten opsigte van grondherstel.

Rassisme en vooroordeel in hoofstroom- en sosiale media

154. Rassisme speel steeds uit in die tradisionele media in Suid-Afrika, wat self onder druk is weens die toename in afsetplekke in sosiale media. Sosiale media het in sommige gevalle ’n afsetplek vir onbelemmerde rassisme geword. Daarbenewens lei rasse-konflikte tot

[65] Die oogmerke van die wetsontwerp is: om voorsiening te maak vir die erkenning van die Khoi-San, die “National House of Traditional Leaders Act”, 2009, “Traditional Leadership and Governance Framework Act”, 2003, te konsolideer (en daarna te herroep), ten einde ’n geïntegreerde en gelykvormige benadering te verseker by die hantering van alle aangeleenthede rakende tradisionele leierskap, om die beperkings van die twee wette wat herroep gaan word, te hanteer, en om gevolglike wysigings aan ander wette aan te bring.

woordestryd tussen mediapraktisyns. Die media en ander middele van openbare kommunikasie, soos die Internet en sosiale media, speel ’n kritieke rol in die moontlik maak van vryheid van uitdrukking en die verwesenliking van gelykheid. Maar terwyl vryheid van uitdrukking en vryheid van godsdiens en oortuiging onderling afhanklik en versterkend is, moet vryheid van uitdrukking nie inbreuk maak op die reg op waardigheid nie. Omgekeerd het die ongekende, snelle ontwikkeling van nuwe kommunikasie en inligtingstegnologie, soos die Internet en sosiale media, wyer verspreiding van rassistiese en xenofobiese inhoud moontlik gemaak, wat die moontlikheid het om rassehaat en geweld aan te hits.

155. In reaksie op die toenemende kwesbaarheid van slagoffers vir kubermisdaad, het Suid-Afrika ’n aantal strategiese en taktiese intervensies ingestel, met inbegrip van die goedkeuring van ’n “National Cyber Security Policy Framework” (NCPF) in 2012. Die kwessies van rassisme en rassehaat op die wêreldwye web en op platforms vir sosiale media word verder hanteer deur wetgewing vir die bekamping van kubermisdaad.[66] Suid-Afrika is besig om wetgewing oor kubermisdaad en verwante aangeleenthede te finaliseer. Dit is ooreenkomstig die Afrika-unie se konsepkonvensie oor die instelling van ’n geloofwaardige regsraamwerk vir kuberveiligheid in Afrika. Dit vereis dat state wat die Konvensie bekragtig het, wetgewing deurvoer om die verspreiding van rassistiese en xenofobiese materiaal te kriminaliseer. Die wetgewing sluit die verbod op en verspreiding van rassistiese en xenofobiese materiaal, asook die aanhitsing van geweld teen ’n persoon of groep persone, deur middel van ’n rekenaar of ander elektroniese kommunikasienetwerk.

156. Die Wetsontwerp op Kubermisdaad[67] bevat geen bepalings oor rassisme, rassediskriminasie, xenofobie (en verwante onverdraagsaamheid) nie, aangesien die “Prevention and Combating of Hate Crimes and Hate Speech Bill” (2018) hierdie kategorie van misdrywe nou hanteer. Die jongste weergawe van die “Hate Crimes and Hate Speech Bill” bevat woordomskrywings oor die publikasie, verkondiging of voorstaan van haatspraakmateriaal in die kuberruim.

157. Verder, vis-à-vis sosiale media, sit die huidige bewoording van klousule 4(1)*(a)* die elemente van haatspraak uiteen en skep ’n misdryf van haatspraak. Ingevolge klousule 4(1)*(b)* van die Wetsontwerp, is dit ’n misdryf om haatspraakmateriaal doelbewus te versprei of beskikbaar te stel via ’n elektroniese kommunikasie, naamlik in die kuberruim. Klousule 4(1)*(c)* bepaal dat enige persoon wat met opset, op enige wyse hoegenaamd, enige materiaal vertoon of enige materiaal beskikbaar stel wat haatspraak daarstel, wat toeganklik is vir, of gerig is op, ’n spesifieke persoon wat geag kan word ’n slagoffer van haatspraak te wees, is skuldig aan ’n misdryf.

158. Die Wet op Beskerming teen Teistering, 2011[68], bied slagoffers van teistering doeltreffende regshulp teen sodanige gedrag en stel maatreëls bekend wat beoog om die tersaaklike staatsorgane in staat te stel om ten volle aan die bepalings van hierdie Wet gevolg te gee.

[66] Spesifieke wetgewing oor kubermisdaad is deur die volgende instrumente uitgevaardig: - Wet op Elektroniese Kommunikasie en Transaksies, Wet No. 25 van 2002, die nasionale veiligheidsbeleid-raamwerk –Wet op die Reëling van Onderskepping van Kommunikasies en Verstrekking van Kommunikasie-verwante Inligting van 2002 – Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting van 2013.
[67] Wetsontwerp 6 van 2017
[68] Wet No 17 van 2011

Ingevolge die Wet, sluit die omskrywing van “teistering” in artikel 1 gegee, in om regstreeks of onregstreeks betrokke te wees by gedrag wat die respondent weet of behoort te weet (a) leed veroorsaak of 'n redelike oortuiging wek dat leed aan die klaer of 'n verwante persoon veroorsaak kan word deur die onredelike (ii) meedoen aan verbale, elektroniese of enige ander kommunikasie wat op die klaer of 'n verwante persoon gemik is op enige wyse, ongeag of 'n gesprek daaruit voortvloei of nie; of (iii) stuur, aflewering of reël van aflewering van, onder meer, elektroniese pos. Aanlyn trol-gedrag,[69] aanlyn mishandeling en kuberboeliery bring ander uitdagings.

[69] Trol-gedrag verwys na opmerkings aanlyn wat aanstoot gee en reaksie uitlok.

HOOFSTUK 7: Suid-Afrika se Nasionale Aksieplan vir die bekamping van rassisme, rassediskriminasie, xenofobie en verwante onverdraagsaamheid

Nasionale omvang: Die rol van sleutelakteurs in die bekamping en uitwissing van rassisme, rassediskriminasie, xenofobie en verwante onverdraagsaamheid

Regering

159. Die regering is verantwoordelik vir die skepping van ’n regsraamwerk en beleidsraamwerk vir die voorkoming van rassisme, rassediskriminasie, xenofobie en verwante onverdraagsaamheid, asook vir die doeltreffende inwerkingstelling van die voorkomingsmaatreëls en praktyke. Om afdwingingsmaatreëls aan te vul, moet die regering sy pogings verskerp om rassisme, rassediskriminasie, xenofobie en verwante onverdraagsaamheid te voorkom in gebiede soos immigrasiebeleid, polisiëring en die regspleging en om multi-kulturalisme en kulturele diversiteit te bevorder. Menseregteopleiding vir staatsamptenare is ook sentraal in hierdie opsig.

160. Origens, luidens die komitee oor ekonomiese, maatskaplike en kulturele regte se algemene opmerking no. 21 (2009), dra hierdie regte drie soorte of vlakke van verpligtinge aan die staat op: (a) die verpligting om te respekteer; (b) die verpligting om te beskerm; en (c) die verpligting om te vervul?. Die verpligting om te respekteer sluit die aanneming van wetenskaplike maatreëls in wat gemik is op behaling van respek vir almal se reg, individueel of saam met ander of binne ’n gemeenskap of groep, om vrylik hulle eie kulturele identiteit te kies, om aan ’n gemeenskap te behoort of nie te behoort nie, en dat hulle keuse gerespekteer word. Dit sluit die reg in om nie aan enige vorm van diskriminasie op grond van kulturele identiteit, uitsluiting of gedwonge assimilasie onderwerp te word nie. Laastens, vereis die nakomingsverpligting dat staatspartye gepaste wetgewende, administratiewe, geregtelike, begrotings-, bemarkings- en ander stappe doen wat, gemik is op die volle verwesenliking van die reg in artikel 15, paragraaf (a) van die Verbond[70] verskans.

161. ICERD artikel 2 lui dat alle staatspartye rassediskriminasie moet veroordeel en moet onderneem om op enige gepaste manier en sonder oponthoud ’n beleid te kry vir die uitwissing van rassediskriminasie in al sy vorme en vir die bevordering van begrip tussen alle rasse, en, hiertoe: (a) Onderneem elke staatsparty om aan geen handeling of praktyk van rassediskriminasie teen persone, groepe persone of instellings mee te doen nie en om te verseker dat alle openbare owerhede en openbare instellings, nasionaal en plaaslik, volgens hierdie verpligting optree.[71]

[70] E/C.12/GC/21, paras. 48-49. Committee on Economic, Social and Cultural Rights
Forty-third session. Right of everyone to take part in cultural life (art. 15, para. 1 (a), of the International Covenant on Economic, Social and Cultural Rights) 2–20 November 2009

[71] UNOHCHR (1965). International Convention on the Elimination of All Forms of Racial Discrimination

Die raadplegingsproses

162. Na aanleiding van die WCAR en die DDPA, is verskeie inisiatiewe onderneem om die ontwikkeling van die NAP te fasiliteer. Konsep 14 is deur die Kabinet goedgekeur en op die departementele webwerf beskikbaar gestel vir openbare kommentaar. Publieke raadplegings is in 2016 gehou en insette is van die regbank, hoofstuk 9-instellings, die burgerlike samelewing, sport, die media, die jeug, arbeid, die gemeenskap en ander belangegroepe, die publiek en die private sektor ontvang. Die DOJCD het ook, in samewerking met verskeie vennote en belanghebbendes, verskeie bewustheidsessies, opdragsessies en dialoë oor die konsep-NAP regoor die land gehou, met inbegrip van met gemeenskappe op die voetsoolvlak. Alle insette wat ontvang is, is in die finale konsep van die NAP in aanmerking geneem.

163. Die DOJCD het in 2016 provinsiale konsultasies in KwaZulu-Natal, Gauteng, Noord-Wes, Mpumalanga, Noord-Kaap, Vrystaat, Oos-Kaap, Wes-Kaap en Limpopo gehou. Die konsep-NAP was ook by alle Thusong Dienssentrums en streekkantore van die Departement van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling beskikbaar en alle belanghebbendes en die publiek is genooi om hulle insette aan: **nap@justice.gov.za** voor te lê.

164. ’n Totaal van 152 voorleggings is van 104 individue en 47 van organisasies, verskeie belangegroepe en hoofstuk 9-instellings ontvang. ’n Analise van die voorleggings wat ontvang is, saam met die kommentaar en insette by die provinsiale konsultasies ontvang, is gedoen en het die grondslag van ’n diagnostiese verslag uitgemaak.

165. **Figuur 1** toon 'n ontleding van die verskeie kwessies wat deur verskillende organisasies geopper is:



166. **Figuur 2** sit die statistieke van elke organisasie-groep uiteen:



167. **Figuur 3** sit ’n ontleding van die persentasie van kwessies soos deur individue geopper, uiteen:



Individue en gemeenskappe: (in teksbokse, nie in vertelling nie)

- "Dit maak my nogal hartseer dat in 2016, Sothos en moontlik ander die woord makula gebruik om Indiërs in Suid-Afrika te beskryf. Ek het 'n paar mense wat hierdie woord gebruik, en hulle het gesê dit is 'n "normale, alledaagse" woord. Dit kom van die woord koelie, wat 'n verkleinerende woord was en is, net soos die k-woord 'n verkleinerende woord is wat van 'n Arabiese woord afgelei is." (Vertaling)

- "Ek wil byvoeg dat rassisme nie net by skole en van wittes kom nie. Ook swartes. Ek is 'n volwasse, sal nie my ouderdom gee nie, swart Zulu van KZN. Maar ek bly nou in JoBurg. My bestuurder is 'n swart Afrikaan van die Oos-Kaap. Het vir my gesê om nie 'n doek by die werk te dra nie. Aanvanklik het ek gedink hy maak 'n grap. Tweedens het hy gesê, terwyl hy na my kop gewys het 'Ek gaan nie met jou praat terwyl jy hierdie doek dra nie.' Ek het drie kinders en is ouer as 44." (Vertaling)

- "…het destyds hoërskool toe gegaan .. en lank voor 'hair straightener'. Tog was ons almal netjies en goed aangetrek. Ons het soos skoolmeisies gelyk, ons het soos skoolmeisies aangetrek. Ons het soos skoolmeisies opgetree en ons gedrag was onberispelik. Ons het ons onderwysers gerespekteer en geleer en hard geleers. Ons het in '76 onderwyskolleges toe gegaan en ons het gedoen wat gedoen moes geword het. Ons het baie goed uitgedraai. Die kinders in Pretoria sal nie hare kam nie en die hare lyk regtig soos 'n voëlnes. Maar hulle noem dit rassisme." (Vertaling)

- "Intervensies soos werkwinkels, leer van inheemse tale, ens. sal nooit rassisme uitwis nie. MAAR dink net as dit 'n strafbare misdryf word, sal mense skielik begin dink VOORDAT hulle op 'n rasgerigte wyse optree of praat. Dit sal mens net so ver bring om 'n persoon se gebrekkige gedagtetoestand te probeer regmaak met kursusse oor diversiteit. Maak dit 'n STRAFBARE misdryf. Gewaarborg, dit sal rassiste ontmoedig." (Vertaling)

- "Die idee van om op hierdie manier te bereken of Suid-Afrikaners vordering gemaak het in die oordrag van "rykdom" van wittes na swartes, is ietwat onaangenaam, maar dit is meer as dit – dit is onakkuraat om hierdie standaard te gebruik om te bepaal dat die nalatenskap van apartheid voortleef, soos julle die aksieplan wil laat sê." (Vertaling)

- "… om wit mense te straf deur hulle nie in diens te neem nie, hulle nie vir die nasionale span te laat speel nie, hulle aandele aan 'n aandeleskema slegs vir swartes te ontsê, swartes oor wittes aan te stel net om aan 'n kwota te voldoen wanneer 'n wit persoon meer gekwalifiseer as 'n swart persoon mag wees, is opsigself rassisties en diskriminerend. Dit sal nie en kan nie die ekonomie regmaak nie. Dit sal inderdaad nie die maatskaplike en ekonomiese ongelykheid herbalanseer nie". (Vertaling)

- "Die Khoi en San inheemse volkere word nog nie grondwetlik erken nie en word dus steeds die sogenaamde "coloured" mense genoem soos omskryf deur vrige kolonialistiese/apartheid-klassifikasie van ras en etnisiteit. Ons, die NKR, het omvattende insette oor die Wetsontwerp op Tradisionele en Khoi en San Leierskap gekry, wat tans in die Parlement ter tafel gelê is, alhoewel die proses met meer as 17 jaar vertraag is. Dit het rasse-uitsluiting van 'n volkgroep omskryf as "kwesbaar" tot gevolg. Die uitsluiting van die Khoi en San, ons erfenis, geskiedenis, taal en kultuur het ongeloofllik bygedra tot onverdraagsaamheid, rassisme en rassediskriminasie teen 'n volkegroep, deur 'n wetgewende stelsel geklassifiseer om onderstuk en ontdoen te word van 'n Afrika-waardigheid op so 'n onmenslike wyse dat rassisme onder die Khoi en San vandag diep gesetel is bloot omdat die stelsel ons as iets anders definieer as wie en wat ons werklik is." (Vertaling)

- "Ek dink rassisme is meer as dit. Die "handhawing van superioriteit op grond van intrinsieke verskille" is nie die essensie van rassisme nie. Dit is om Kant se middele met sy doelwitte te verwar. 'n Persoon word nie deur sy intellik, liggaam of kultuur gedefiniier nie, maar deur die feit dat hy/sy 'n lewende mens is, of in die Christelike teologie, dat hy/sy na die beeld van God geskape is. Die ontwkenning van 'n persoon se essensiële mensheid is aan die kern van rassisme." (Vertaling)

- "Begin by die beampte en lei hulle op om: Hulle telefone dadelik te beantwoord. Wanneer jy by jou kantoor kom, begin werk en hou aan werk tydens kantoorure en moenie rondhang en hou op om te eet voor jou belanghebbendes, asielsoekers en vlugtelinge. Moenie met belanghebbendes, aslielsoekers of vlugtelinge praat met jou mond vol kos nie." (Vertaling)

Hoofstuk 9-instellings

168. Hoofstuk 9 van die Grondwet stig 'n aantal onafhanklike instellings wat veronderstel is om grondwetlike demokrasie in Suid-Afrika te versterk deur die aktiewe bevordering van 'n

kultuur van menseregte en die beskerming, ontwikkeling en bereiking van daardie regte, met inbegrip van die monitering en assessering van hulle inwerkingstelling. hoofstuk 9-instellings het, in navolging van die beginsels[72] wat verband hou met die status van nasionale instellings vir die bevordering en beskerming van menseregte, 'n belangrike mandaat ten opsigte van die bevordering en beskerming van menseregte, met inbegrip van rassisme, rassediskriminasie, xenofobie en verwante onverdraagsaamheid. Hulle kan in die besonder 'n rol speel in die hantering van die volgende:

- Staan slagoffers van differensiële behandeling by met hulle klagtes
- Ondersoek differensiële behandeling
- Publiseer verslae oor differensiële behandeling
- Doen aanbevelings oor die stryd teen differensiële behandeling
- Bevorder die beskerming, ontwikkeling en bereiking van menseregte en monitor en assesseer die nalewing van menseregte in die land.

169. Daar word in die vooruitsig gestel dat hoofstuk 9-liggame, in die besonder, 'n fundamentele rol in die monitering en evaluasie van die NAP sal speel.

Burgerlike samelewing

170. Die burgerlike samelewing speel 'n sleutelrol in die progressiewe verwesenliking van menseregte en die demokratisering van ons samelewing. Die Durban Verklaring het erken hoe belangrik die rol en betrokkenheid van die burgerlike samelewing in die bevegting van rassisme, rassediskriminasie, xenofobie en verwante onverdraagsaamheid is. Die burgerlike samelewing het 'n essensiële rol te speel deur die regering aanspreeklik te hou. Verder, het groepe van die burgerlike samelewing baie ervaring en kundigheid opgebou in die behandeling van slagoffers van rassisme, rassediskriminasie, xenofobie en verwante onverdraagsaamheid.

171. Die Suid-Afrikaanse regering het sy verhouding met die burgerlike samelewing vir die versekering van ontwikkeling en goeie regering, herbevestig.

172. Die komplekse en veelsydige aard van rassisme, rassediskriminasie, xenofobie en verwante onverdraagsaamheid vereis 'n diversiteit van kundigheid wat die burgerlike samelewing kan voorsien. Daders in die burgerlike samelewing kan bydra tot navorsing en beleidsanalise deur tersaaklike data in te samel en die tendense oor rassisme, rassediskriminasie, xenofobie en verwante onverdraagsaamheid te identifiseer. Hulle kan ook opleiding voorsien vir wetstoepassingsbeamptes, regshulp en kapasiteitsbou aan groepe of individuele slagoffers van rassisme, rassediskriminasie, xenofobie en verwante onverdraagsaamheid, en aktiwiteite onderneem om bewustheid te skep. Daders in die burgerlike samelewing is

[72] UN General Assembly Resolution 48/134 of 20 December 1993

sentraal in die voorkoming en bekamping van rassisme en moet saam met die regering werk om dit te doen.

Privaat sektor

173. Die NAP het horisontale sowel as vertikale toepassing en teiken sodoende ook die private sektor. Sakegeleenthede word steeds gedefinieer deur ras, gender, geografiese ligging, klas en linguistieke agtergrond. Die privaat sektor moet ’n toewyding toon tot die handhawing van basiese menseregte en ‘n nierassistiese benadering tot indiensnemingskwessies demonstreer. Dit moet verantwoordelike transformasie demonstreer en kwessies opper wat hulle dalk werklik daarvan weerhou om werklik ’n werksmag te skep wat meer verteenwoordigende van ons land is, aangesien die privaat sektor te min vordering in hierdie opsig gemaak het. Die sektor moet identifiseer hoe verskillende nywerhede ’n rol kan speel in die hantering van onderliggende kwessies wat aanleiding gee tot probleme soos armoede en gebrekkige opvoeding. Die sakesektor is dikwels die een sektor wat oor die hoof gesien word wanneer dialoë rondom menseregte plaasvind.

Arbeidsektor

174. Die arbeidsektor moet proaktief betrokke wees by ’n aantal veldtogte oor menslike ontwikkeling wat onder andere insluit die skep van bewustheid teen rassisme en rassediskriminasie, xenofobie en verwante onverdraagsaamheid in die werksplek, skep van bewustheid oor en monitering van kinderarbeid, bevordering van geslagsgelykheid, voorsiening van onderwys en opleiding vir vakbondlede, bevordering van die regering se aanspreeklikheid in die bekamping van korrupsie. Die arbeidsektor is geraadpleeg deur NEDLAC, wat die vereiste struktuur is vir formele skakeling tussen die regering en georganiseerde arbeid, en sal verder betrokke wees by beleidsdialoë rakende rassisme, xenofobie en verwante onverdraagsaamheid.

Media

175. Artikel 16(1) van die Grondwet waarborg dat almal die reg op vryheid van uitdrukking het, met inbegrip van, onder andere, die regte op vryheid van die pers en ander media, asook akademiese vryheid. Artikel 16(2) stel egter dat die bogenoemde regte nie “propaganda vir oorlog; die aanstigting van dreigende geweld; die verkondiging van haat wat op ras, etnisiteit, geslagtelikheid of godsdiens gebaseer is en wat aanhitsing om leed te veroorsaak, uitmaak nie,” insluit nie. Met ander woorde, haatspraak is nie vry spraak nie.

176. Die media speel ’n kritieke rol in nasiebou en nierassigheid en nieseksisme. Hulle speel ook ’n rol in die bou van ’n ingeligte, opgevoede en eiewys samelewing en om die regering aanspreeklik te hou. Soos in die Durban Verklaring gestel, kan die uitoefening van die reg op vryheid van uitdrukking, veral deur die media, ’n positiewe bydrae lewer tot die stryd teen

rassisme, rassediskriminasie, xenofobie en verwante onverdraagsaamheid.[73] Dit is kritiek vir die demokrasie om te funksioneer.

177. Die NAP erken dat toegang tot inligting via gedrukte media, die uitsaaiwese en die internet van lewensbelang is vir die bou van 'n ingeligte en aktiewe burgery. Dit dra ook by tot onderwys en ekonomiese ontwikkeling. Die Persraad hou toesig oor die webwerwe van hulle lede en hulle kode verbied haatspraak en rassisme. Die "World Editor's Forum" (WEF) beveel 'n benadering aan wat net soveel op die bevordering van nuttige bespreking as op die voorkoming van misbruik, gegrond is.

178. Die onafhanklikheid en outonomie van media-instellings en regulerende liggame, met inbegrip van die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie, die Onafhanklike Kommunikasieowerheid van Suid-Afrika, die Persraad van Suid-Afrika en die Gesagsvereniging vir Reklamestandaarde moet beskerm word.[74] Die diversiteit van die inhoud van mediadekking weerspieël egter die omvang van diversiteit in nuuskantore en mediahuise. In hierdie konteks kan self-regulerende medialiggame ook 'n positiewe rol speel, met inbegrip van om te help om die medialandskap wat langs rasse en etniese lyne verdeel is, te help herbou, deur die deurvoer van maatreëls soos afdwingbare of vrywillige mediagedragskodes. Self-regulering van internetdiensverskaffers moet aangemoedig word.

179. Die media moet aangemoedig word om 'n rol te speel in die stryd teen rassisme, rassediskriminasie, xenofobie en verwante onverdraagsaamheid deur verslag te doen oor insidente wat verband hou met rassisme, xenofobie en geslagsdiskriminasie en moet inisiatiewe vir bewusmaking ontwikkel om die bevolking te sensitiseer.

180. Die media sal verder betrek word en geraadpleeg word deur dialoë met verskillende strukture en liggame wat die verskillende tipes media en mediahuise in die land verteenwoordig. Dit sal, onder meer, die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie, die Onafhanklike Kommunikasieowerheid van Suid-Afrika, die Persraad van Suid-Afrika en SANEF insluit. Die media, soos ander belangegroepe, is die geleentheid gegun om kommentaar te lewer oor die konsep-NAP tydens die publieke raadplegingsproses.

Akademie

181. Inrigtings van hoër geleerdheid en tersiêre inrigtings is gewoonlik aan die voorpunt van maatskaplike verandering. Hierdie inrigtings sal versoek word om jaarliks by die NAP-beheerstruktuur verslag te doen oor insidente van rassisme, rassediskriminasie en verwante onverdraagsaamheid en stappe gedoen om dit te hanteer.

Sportliggame

[73] Report of Special Rapporteur on contemporary forms of racism,racial discrimination, xenophobia and related intolerance, Mutuma Ruteree. Human Rights Council 20th session Agenda Item 9, 15 May 2012 http://www.ohchr.org/Documents/Issues/Racism/A.HRC.20.33_en.pdf

[74] National Development Plan: Vision for 2030. "Transforming Society and Uniting the Country." Chapter 15. P8 http://www.gov.za/documents/national-development-plan-vision-2030

182. Sport het die mag om mense te verenig – of om hulle te verdeel. Rassisme in sport bestaan, nie net in Suid-Afrika nie, maar regoor die wêreld. Sport en Ontspanning Suid-Afrika sal verantwoordelik wees vir die verkryging van inligting van verskeie binnelandse sportfederasies oor insidente van rassisme, rassediskriminasie en verwante onverdraagsaamhede, asook inisiatiewe van stapel gestuur om rassisme op die sportveld uit te roei.

HOOFSTUK 8: MAATREËLS

183. Die regering se rol ten opsigte van menseregte is drievoudig: **bevordering** en **beskerming** van menseregte en die **voorkoming** van menseregteskendings – of anders gestel, vervolging, beskerming, en voorkoming, in Engels beter bekend as die sogenaamde "3P's". Artikel 7(2) van die Grondwet verbind die staat uitdruklik daartoe om die regte in die Handves van Regter te "eerbiedig, beskerm, bevorder en verwesenlik".

184. State neem onder die volkereg verpligtinge en pligte aan om menseregte vir alle persone in hul grondgebied of jurisdiksie te eerbiedig, beskerm en verwesenlik, sonder diskriminasie van enige aard.[75] Verder, "State, met inbegrip van alle takke daarvan, het die hoofverantwoordelikheid vir die bevordering en beskerming van alle menseregte, met inbegrip van die voorkoming van menseregteskendings.".[76] Die verpligtinge van State sluit die plig in om te beskerm teen menseregmisbruik deur derde partye, met inbegrip van private daders.[77] State kan hulle menseregteverpligtinge ingevolge die volkereg verbreek waar hulle versuim om gepaste stappe te doen om private daders se misbruik te voorkom, te ondersoek, te straf en te herstel.[78]

185. Die VN se NAP-riglyne stel 'n struktuur gebaseer op die behoefte om spesifieke doelwitte, oogmerke en aksies te stel, asook op hoe belangrik dit is om die verantwoordelike Staatsliggame, teikendatums en prestasieaanduiders vir elke oogmerk te bepaal. Die NAP voorsien die duidelike aanduiding van die Staat se voornemens in sy stryd teen rassediskriminasie. Dit sit maatreëls en aanduiders met die verloop van tyd uiteen wat bereik sal moet word. Die maatreëls en aanduiders in die plan gestel, stel 'n bruikbare oriëntasie daar vir diegene wat aan die plan werk en voorsien leiding aan die algemene publiek.

186. Ten einde aan hierdie vereistes te voldoen, word die voorgestelde maatreëls en aanduiders hieronder uiteengesit. Dit moet beklemtoon word dat hierdie maatreëls nie in isolasie bestaan nie, maar gesien moet word teen bestaande beleid, programme en ingrypings.

187. Die DOJCD sal 'n **basislynstudie doen wat sal dien** om die verbetering in die land te meet ná die inwerkingstelling van die NAP. Dit gaan oor meer as kwessies van persepsie. Dit sal gebruik word om aanbevelings te doen oor die beskermingsbehoeftes vir kwesbare en gemarginaliseerde groepe. Die basislynstudie sal huidige wette, beleid, programme, aktiwiteite, behoeftes en mense- en institusionele hulpbronne vir die uitwissing van

---

[75] Art. 2, International Covenant on Civil and Political Rights and the Human Rights Committee's General Comment 31 (2004); art. 2, Convention on the Rights of the Child and the Convention on the Rights of the Child's General Comment 5 (2003).

[76] A/HRC/RES/24/16, para. 2. The Inter-American Court of Human Rights has held that States have "a legal duty to take reasonable steps to prevent human rights violations" (*Velasquez Rodriguez v. Honduras*, 29 July 1988). E. Decaux and S. Touzé, *La Prévention des Violations des Droits de l'Homme* (Paris, Editions A. Pedone, 2015).

[77] See Human Rights Committee General Comment 31, para. 8 and Communication No. 195/1985, *Delgado Paez v. Colombia*, Views adopted on 12 July 1990; Convention on the Elimination of All Forms of Discrimination against Women General Recommendations 19 and 28. The European Court of Human Rights has established that claims may arise against the State when the police fail to protect individuals from violations of their rights by other individuals (*Osman v. United Kingdom* (Appl. No. 87/1997/871/1083), judgment of 28 October 1998.

[78] Guiding Principles on Business and Human Rights: Implementing the United Nations "Protect, Respect and Remedy" Framework (annex of A/HRC/17/31), endorsed by Human Rights Council resolution 17/4.

rassisme, rassediskriminasie, xenofobie en verwante onverdraagsaamheid in aanmerking neem.

188. Gedisaggregeerde statistiese data sal ingesamel word vir die identifikasie van:

- Patrone van rassisme;
- Die hindernisse vir die uitskakeling van rassisme en diskriminasie wat oorkom moet word, met spesiale aandag aan hedendaagse en ontluikende vorme van rassediskriminasie;
- Toegang tot geregtigheid vir slagoffers van rassediskriminasie;
- Programme vir bekamping van rassediskriminasie;
- Kennis van die die verbod op rassediskriminasie onder die algemene bevolking en onder potensiële slagoffers;
- Voortsetting van rassediskriminasie deur die massamedia (met inbegrip van televisie, radio, Internet, koerante en tydskrifte);
- Hoe die kurrikula die beginsels van gelykheid en niediskriminasie op alle vlakke van onderwys versterk; en
- Die beskikbaarheid en toeganklikheid van sleuteldokumente oor menseregte en ander materiale wat gelykheid en niediskriminasie beskerm in nasionale en plaaslike tale asook in vereenvoudigde vorm.

189. Die DOJCD sal onder die leierskap van die nasionale koördinerende struktuur 'n vroeë waarskuwingstelsel gekoppel aan 'n **Blitsreaksiemeganisme** ontwikkel wat deur die DOJCD geïnisieer is. Die DOJCD sal ook verseker dat akkurate data en statistiek ingesamel en gepubliseer word oor die getal rassistiese en xenofobiese misdrywe wat by die polisie aangemeld word, oor die getal sake wat vervolg word, asook oor die redes hoekom nie vervolg word nie en oor die resultaat van vervolgde sake.

190. Die DOJCD sal in samewerking met staatsdepartemente, hoofstuk 9-instellings, die Fondasie vir Menseregte en burgerlike samelewing wat met hierdie kwessies werk, 'n **databasis ontwikkel met die name van diensverskaffers** wat bystand oor hierdie aangeleenthede voorsien wat aan die **Blitsreaksiemeganisme** gekoppel sal wees.

191. Die DOJCD sal **navorsingstrategieë** bevorder wat die ondersoek sal insluit van die aard, oorsake en verskynsels van rassisme en diskriminasie in publieke sowel as private sfere asook doeltreffende wyses om te verseker dat akkurate data en statistieke ingesamel word.

192. Die bevordering van **teen-rassistiese en teen-diskriminasie opvoeding** is 'n gedeelde verantwoordelikheid tussen regeringsdepartemente en die hoofstuk 9-instellings. Die DOJCD sal onder die beskerming van die NAP die veelvlakkige opvoedkundige strategieë van staatsdepartemente, asook die maatreëls deur hulle aangeneem om rassisme, rassediskriminasie, xenofobie en verwante onverdraagsaamheid te bekamp, bevorder.

193. Die DOJCD sal opvoedkundige en **opleidingsprogramme** in vennootskap met ander staatsdepartemente, hoofstuk 9-instellings asook die burgerlike samelewing ontwikkel en ontwerp om bewustheid te verbeter van teen-rassisme, gelykheids- en teen-diskriminasiekwessies onder staatsamptenare, burgerlike samelewing en die algemene publiek, en ondersteuning van ’n wye verskeidenheid kundiges mobiliseer.

194. Hierdie maatreëls kan programme insluit wat nasionale pogings en samewerking met ander belanghebbendes kombineer, om die gebruik van private belegging in oorleg met die geraakte gemeenskappe te bevorder ten einde armoede uit te wis, in die besonder in die areas waar slagoffers van rassediskriminasie hoofsaaklik bly. Die private sektor moet ook oorweeg om by te dra tot navorsing om die aard, oorsake en verskynsels van rassediskriminasie, xenofobie en verwante onverdraagsaamheid te ondersoek.

195. Die handeling is geformuleer met die formaat wat in die Mediumtermynstrategiese-raamwerk gebruik is, en moet dus help om te oorvleuel met die MTSF en die NDP.

Handelinge	**Verantwoordelikheid om te lei** ***(* verwys na Inwerkingstellingsplan – onderworpe aan verandering ten opsigte van nuwe opdragte ná 2019 nasionale verkiesing)***	**Aktiwiteite en uitsette**	**Tydsbestekke: 2019-2024** **(*soos per Inwerkingstellingsplan)***
1. Basislynstudie	DoJCD	1. Stel ’n basislynstudie in om vlakke van rassisme, xenofobie, diskriminasie gegrond op seksuele oriëntasie, genderidentiteit en uitdrukking, rasse-insidente, interrasseverhoudings en persepsies van nasionale identiteit te bepaal. 2. Konsolidasie van verslae oor huidige wette, beleid, programme, behoeftes en institusionele hulpbronne nodig vir die uitwissing van rassisme, rassediskriminasie, xenofobie, homofobie en verwante onverdraagsaamhede.	
2. Data-insameling	DOJCD	1. Ontwikkel ’n virtuele databewaarplek van verskeie bronne van gedisaggregeerde data om te identifiseer: • patrone van rassisme; • hindernisse vir die uitwissing van rassisme en diskriminasie wat oorkom moet word, met spesiale aandag aan	

		kontemporêre en ontluikende vorme van rassediskriminasie; • Toegang tot geregtigheid vir slagoffers van rassediskriminasie; • Kennis oor die verbod op rassediskriminasie onder die algemene bevolking en onder potensiële slagoffers; • Voortsetting van rassediskriminasie deur die massamedia (met inbegrip van televisie, radio, Internet, koerante en tydskrifte); • Die beskikbaarheid en toeganklikheid van sleutelmenseregtedokumente en ander materiale wat gelykheid en niediskriminasie bewaar in nasionale en plaaslike tale asook in vereenvoudigde vorm. 2. Stel 'n Nasionale Fokuspunt in om die inwerkingstelling van die NAP te lei.	
3. Blitsreaksiemeganisme vir data-insameling		1. Stel 'n blitsreaksiemeganisme in om insidente van rassistiese en xenofobiese misdrywe/haatmisdade wat by die SAPD en SAMRK aangemeld word oor die getal sake wat vervolg is, asook oor die redes vir nievervolging en die resultaat van sake wat deur die NVA vervolg is, in te bring. 2. Dit sal bewustheidsveldtogte insluit wat die publiek aanmoedig en inlig om insidente van rassisme, rassediskriminasie, xenofobie en verwante onverdraagsaamheid by die tersaaklike owerhede aan te meld.	
4. Databasis		1. Stel 'n databasis/gids saam van diensverskaffers wat bystand aan slagoffers van rassisme, rassediskriminasie, xenofobie, homofobie en verwante	

		onverdraagsaamhede verleen. 2. Die DOJCD sal ’n skakel na die gids van diensverskaffers op die DOJCD se webwerf hê, en die inligting by al sy kantore beskikbaar stel. 3. Gereeld en in vennootskap met organisasies van die burgerlike samelewing bewustheidsveldtogte doen om die gids te populariseer en die publiek in te lig van die gids van dienste.	
5. Navorsing		1. Stel ondersoek in na die aard, oorsake en verskynsels van rassisme en diskriminasie in openbare sowel as private sfere. 2. Doen spesifieke navorsing oor herstellende geregtigheid. 3. Doen ’n kwalitatiewe beskrywing van die etniese samestelling van ons bevolking, in die besonder inheemse mense en nieburgers.[79] 4. Hersien alle spesifieke maatreëls aangeneem om die situasie van de facto segregasie wat in Suid-Afrika voortbestaan te hanteer en evalueer die impak van hierdie maatreëls.[80] 5. Moedig navorsingsgeleenthede in die gebiede van die voorkoming van rassisme en diskriminasie aan.	
6. Opvoeding en opleiding		1. Opvoeding en opleiding is ’n gedeelde verantwoordelikheid tussen staatsdepartemente en die hoofstuk 9-instellings. Die DOJCD sal onder die beskerming van die NAP die veelsydige opvoedkundige strategieë van staatsdepartemente bevorder, asook die maatreëls deur hulle aangeneem om rassisme, rassediskriminasie, xenofobie en verwante onverdraagsaamheid te bekamp. 2. Werk saam met SAJEI om gepaste opleiding van regterlike beamptes	

[79] Recommendation by the Committee on the Elimination of Racial Discrimination after consideration of South Africa’s Country report on the ICERD, 2006, CERD/C/ZAF/CO/3

[80] Recommendation by the Committee on the Elimination of Racial Discrimination after consideration of South Africa’s Country report on the ICERD, 2006, CERD/C/ZAF/CO/3

		te verseker.	
7. Hanteer grondverwante kwessies		1. Doen mee aan nasionale dialoë oor grond. 2. Die regering moet 'n beleiddokument ontwikkel wat herverdeling van leë, ongebruikte en onderbenutte staatsgrond voorkeur gee. 3. Verseker doeltreffende programme om opleidings- en ondersteuningsmaatreëls wat die sukses van die begunstigdes van grondhervorming sal verseker, te vermeerder. 4. Verhoog sekerheid van verblyfreg vir plaasbewoners. 5. Alle grondverwante kwessies sal deur wetgewende raamwerke en parlementêre prosesse gerig word.	
8. Armoedeverligting		1. Stel die nasionale minimum loon in werking en verseker die monitering en afdwinging daarvan deur die Departement van Arbeid. 2. Vermeerder programme vir vaardigheidsontwikkeling en verbeter kommunikasie oor hul toeganklikheid. 3. Verbeter werkskeppingsmeganismes om volhoubare lewensbestane vir die armes te voorsien. 4. Verskerp pogings om voedselsekerheid te verseker.	
9. Versnel transformasie		1. Die staat moet 'n meer doeltreffende program ontwikkel om toegang tot, en eienaarskap van, finansiële instellings deur swart mense, die jeug en vroue te verseker. Dit moet nuwe benaderings to regulering en lisensiëring insluit wat mededinging aanmoedig en gediversifieerde eienaarskap moontlik maak. 2. Bevorder transformasie in die toerismesektor.	

		3. Monitor vordering met die inwerkingstelling van beleid oor gelyke indiensneming.	
10. Keer nalatensakp van apartheidonderwys om		1. Maatreëls om uitdagings van ongelykheid tussen landelike en stedelike onderwys beslissend te hanteer deur te verseker dat sentrums en skole vir vroeë kinderontwikkeling voldoende hulpbronne kry deur die voorsiening van gehalte, doeltreffende, innoverende en inklusiewe programme en oplossings vir opvoeding en opleiding. 2. Verseker die ontwikkeling en inboeseming van teen-rassisme en bevordering van lesse in die kirrikula vir vroeë kinderontwikkeling en skole. 3. Stel teen-rassismeprogramme in sentrums vir vroeë kinderontwikkelingsentrums, skole en inrigtings van hoër geleerdheid bekend en monitor dit. 4. Skep 'n nuwe, inklusiewe leerkultuur, met inbegrip van programme gemik op die bekamping van rassisme, rassediskriminasie, homofobie, xenofobie en ander verwante onverdraagsaamheid.	
11. Verhoog kennisproduksie		1. Voorsien nodige ondersteuning aan swart skrywers en kunstenaars. 2. Stel veldtogte bekend om swart intellektuele aan te moedig om te publiseer. 3. Moedig die transformasie van uitgewerye aan om meer spasie vir die bevordering van Afrika-perspektiewe te skep.	
12. Dekoloniseer die verstand		1. Gebruik die onderwysstelsel om dit by kinders tuis te bring dat elke persoon op hulle menseregte geregtig is en dat geen persoon superioriteit oor 'n ander het nie.	

		2. Ontwerp programme binne alle inrigtings van geleerdheid wat waardes van rasse-, kulturele- en godsdienstige waarde vir alle mense, ongeag verskille, vestig en bevorder. 3. Gebruik die media om die voortreflikheid van alle Suid-Afrikaners in alle gebiede van menslike strewe, te vier. 4. Werk saam met SANEF/ mediahuise/verwante liggame om opleiding oor maatskaplike konteks en diversiteit vir die mediasektor te verseker ten einde etiese, sensitiewe en verantwoordelike verslaggewing te verseker.	
13. Bevorder maatskaplike kohesie	Departement van Maatskaplike Ontwikkeling	1. Onderneem gemeenskapskartering in geteikende gebiede. 2. Mobiliseer gemeenskappe deur gemeenskapsgesprekke om mense te sensitiseer oor die verdelende aard van ons geskiedenis en die uitwerking daarvan. 3. Bekendstelling van maatskaplike mobiliseringsplanne om rassisme, rassediskriminasie, homofobie en ander onverdraagsaamheid te hanteer. 4. Ontwikkel en gebruik kuns en kultuur om ’n groter waardering vir kulturele diversiteit as ’n kritieke aspek van ’n verenigende nasionale identiteit te kweek. 5 Populariseer en moedig besoeke aan nasionale erfenisterreine aan. 6. Monitor insidente van rassisme, rassediskriminasie en verwante onverdraagsaamheid in sport. 7. Gebruik DBE om beleid te ontwerp en te hersien om alle belanghebbendes in te sluit in die inwerkingstelling van teen-diskriminasie inisiatiewe om rassisme, rassediskriminasie,	

		xenofobie en verwante onverdraagsaamheid te bekamp. 8. Koördinering van ’n deelnemende proses om ’n geïntegreerde nasionale beleid te ontwikkel om die regte van persone met albinisme te beskerm, te bevorder en te handhaaf.	
14. Rig openbare gesprek oor rassisme		1. Gebruik nasionale dae van herinnering en vierings om rassisme, rassediskriminasie, xenofobie en verwante onverdraagsaamheid te bekamp. 2. Werk met die media/mediahuise/SANEF /burgerlike samelewingsorganisasies en hoofstuk 9-instellings om veldtogte soos Teen-rassismeweek te versterk.	
15. Bekamp diskriminasie op grond van etniese oorsprong		1. Terwyl verskillende kulture gerespekteer word, word kinders in ons skole ook geleer van die gevare van diskriminasie op grond van etniese oorsprong. 2. Prent ’n sin van nasionale trots in deur simbole wat ’n nasionale identiteit bevorder. 3. Gebruik regeringskommunikasieveldtogte om die samelewing te mobiliseer teen diskriminasie op gronde van etniese oorsprong.	
16. Bekamp xenofobie	Departement van Maatskaplike Ontwikkeling	1. Verseker inwerkingstelling van die aanbevelings deur die Parlementêre Gesamentlike Ad Hoc-komitee oor die ondersoek van geweld teen buitelandse burgers, se verslag en die spesiale verwysingsgroep oor migrasie en gemeenskapsintegrasie in KZN, onder voorsitterskap van Regter Navi Pillay. 2. Stel meganismes in plek om te verseker dat nieburgers die dienste ontvang waarop hulle grondwetlik geregtig is.	

		3. Bevorder ’n menslike kultuur in die bestuur van migrante, vlugtelinge en asielsoekers. 4. Fasiliteer die integrasie van migrante in gemeenskappe waar hulle bly. 5. Die regering moet oorweeg om ’n beleidsraamwerk op te stel wat met staatlose persone verband hou en die uitwissing van staatloosheid.	
17. Wis geslagsgebaseerde geweld, vrouemoord en geslagsgebaseerde diskriminasie uit		1. Hanteer die kwessies geopper in die #TotalShutdown-memorandum in die Verklaring van die presidensiële spitsberaad teen geslagsgebaseerde geweld en vrouemoord, naamlik die stigting van ’n multi-sektorale, koördineringstruktuur om op geslagsgebaseerde geweld en vrouemoord te reageer, met inbegrip van die toewysing van nodige en voldoende hulpbronne benodig en om ’n nasionale strategie teen geslagsgebaseerde geweld en vrouemoord te ontwikkel. 2. Stel ’n vrouemoordwaak in. 3. Moedig gemeenskapsdialoë aan om geweld teen vroue en kinders te bekamp. 4. Voldoende hulpbronne en versterking vir Thuthuzela Sorgsentrums, howe vir seksuele misdrywe en skuilings. 5. Versterk die inwerkingstelling van die Wet op Gesinsgeweld, 1998 (Wet No. 116 van 1998). 6. Gee aandag aan geweld in skole en voorsien ’n veilige omgewing vir alle leerders.	
18. Bevestig slagoffers van kolonialisme en apartheid		1. Leer leerders van ons geskiedenis van kolonialisme en apartheid. 2. Hanteer enige	

		uitstaande/onvoltooide werk van die Waarheid en Versoeningskommissie, met inbegrip van die inwerkingstelling van sy aanbevelings. 3. Bevorder die ondertekening van die konvensie oor apartheid en die konvensie teen gedwonge verdwynings. 4. Populariseer ons nasionale simbole en strydikone.	
19. Bevorder bewustheid oor die grondwet en oor menseregte		1. Stel programme soos *Amarightza* in om bewustheid oor menseregte en die grondwet te bevorder. 2. Voed gemeenskappe op oor hoe om hulle regte af te dwing via kanale soos hulle openbare verteenwoordigers, hoofstuk 9-liggame en die howe. 3. Populariseer die gebruik van Gelykheidshowe en versterk Gelykheidshowe. 4. Maak die nasionale skynhowekompetisie vir skole deel van die kurrikulum. 5. Ontwikkel munisipale modelnutsmiddels vir die bekamping van rassisme, rassediskriminasie en vooroordeel (bv. soos die eThekwini-metro gedoen het). 6. Inkorporeer die CRPD ten volle in die Suid-Afrikaanse reg.	

Hoofstuk 9: Beheermodel

196. Die NAP vereis ’n multi-sektorale benadering gegrond op die aktiewe betrokkenheid van verskillende staatsdepartemente en -sektore. Die NAP het ’n geïntegreerde struktuur onder ’n toegewyde ministerie nodig wat verskeie rolspelers betrek, wat aan die hoogste politieke struktuur in die land rapporteer. Die doeltreffende en verantwoordelike inwerkingstelling van die NAP hang af van ’n doeltreffende beheerstruktuur en die monitering en evaluasie van die programme wat in werking gestel is. Dit beklemtoon die belang van ’n duidelik omskrewe struktuur met ’n behoorlike begrip van die verskillende rolle en verantwoordelikhede van alle betrokke rolspelers.

197. Die volgende elemente moet in ag geneem word in die instel van ’n doeltreffende beheermodel:

(i) Die waarde van die dwarssnydende aard van die NAP;

(ii) Verantwoordbaarheid aan die hoogste gesag in die land, verslag aan die Kabinet/Parlement;

(iii) Politieke ondersteuning op die hoogste vlak, soos die presidensie;

(iv) Inwerkingstelling van die NAP regoor alle regeringsfere horisontaal en vertikaal met politieke ondersteuning op alle vlakke (nasionale, provinsiale en plaaslike regering);

(v) Inwerkingstelling van die NAP vereis ’n multi-sektorale benadering deur die publiek asook die private sektore;

(vi) Lede moet vir hulle kundigheid en vaardighede (bv. navorsing; data analise; beleidontwikkeling en analise; gelykheid; rassisme; inligtingbestuur/kennisbestuur);

(vii) Oorweging moet geskenk word aan die samestelling, mandaat, gesag, rolle en verantwoordelikhede en beheeraangeleenthede van die struktuur (raamwerk/opdrag);

(viii) Identifiseer sleutel-/leidende en ondersteunende staatsdepartemente vir verteenwoordiging en deelname in die beheerstruktuur;

(ix) Staatsdepartemente moet verteenwoordigers identifiseer en toesig hou oor deelname in die beheerstruktuur;

(x) Duidelik omskrewe rolle en verantwoordelikhede vir alle deelnemende rolspelers (Staatsdepartemente; hoofstuk 9-instellings; organisasies van die burgerlike samelewing; wetgewer; die regsbank en verskillende sektore);

(xi) Staatsdepartemente moet aan hierdie struktuur deelneem volgens hulle goedgekeurde APP en MTSF-planne om teen-diskriminasieprogramme in werking te stel;

(xii) Alle staatsdepartemente moet verplig wees om te verseker dat hulle onderskeie APPs teen-diskriminasiemaatreëls soos per die finale NAP, weerspieël;

(xiii) Die regering as ’n diensleweringsagent: aparte sekretariaat met voldoende kapasiteit en fondse om die beheerstruktuur, asook verskeie tegniese taakspanne se mandate en werksaamhede, te ondersteun;

(xiv) Kosteberaming van die beheerstruktuur; en

(xv) Oorweging moet geskenk word aan die potensiële duplisering van verantwoordelikhede van huidige strukture binne die regering.

198. Die kritieke rolle van die Parlement, as die wetgewer; en die Kabinet, as die uitvoerende tak van die regering; aan die boonste vlak van die voorgestelde NAP-beheerstruktuur om inwerkingstelling van die NAP deur alle vlakke van regering en burgerlike samelewing te verseker en politieke ondersteuning teen die hoogste vlak te verseker is algemeen vir albei opsies. Die Parlement moet aan die toppunt van die NAP-beheerstruktuur wees. Dit sal verseker dat die NAP op alle vlakke van die regering en burgerlike samelewing in werking gestel word en politieke ondersteuning op die hoogste vlak verseker.

199. Die oorsigrol van die Parlement in die NAP-beheerstruktuur is om die volgende redes belangrik:

- Die Parlement het as die wetgewende tak van die regering ’n sentrale rol om te speel;
- Die Minister van Justisie en Korrektiewe Dienste rapporteer aan die Parlement deur die tersaaklike portefeuljekomitee;
- Portefeuljekomitees is belangrike strukture vir die versekering van doeltreffende staats- en publieke deelname;
- Parlementêre Komitees voorsien ’n platform aan lede van die publiek om hulle menings te lug oor aangeleenthede wat bespreek word;
- Om te verhoogde deelname deur sy lede in besprekings oor die oorvleuelende kwessies van die NAP te verseker;
- Om die hoëvlak politieke ondersteuning wa vir die NAP-inwerkingstelling nodig is, te voorsien;
- Om alle staatsdepartemente aanspreeklik te hou in die inwerkingstelling van die NAP; en
- Om toesig te hou oor die monitering en evaluasie van die NAP-inwerkingstelling.

200. Die rol van die Kabinet in die NAP-beheerstruktuur is ook belangrik. Weens die transversale aard van die NAP, moet dit binne en tussen die verskillende groepe van regering en tersaaklike kabinetskomitees geadministreer word, en nie net binne die JCPS-kabinetskomitee nie. Verder moet oorweging geskenk word aan die vestiging van maatskaplike kwessies en aspekte in die werk van die JCPS asook ander Groepe, in ooreenstemming met die beginsel dat menseregte universeel en onvervreembaar; onverdeelbaar; onderling afhanklik en onderling verbonde is.

201. Die Kabinet, as die hoogste beleidmakende liggaam in die land, sal die volgende verantwoordelikhede ten opsigte van die NAP-beheerstruktuur hê:

- Om toesig te hou oor die koördinasie van inwerkingstelling en monitering van die NAP van die oorkoepelende aksieplan;
- Hou toesig oor ’n inklusiewe inwerkingstellingstrategie van die NAP;
- Hou toesig oor die hersiening van die vordering van die inwerkingstelling van die NAP waardeur die land aan sy internasionale verpligtinge kan voldoen;

- Hou toesig oor verslagdoening oor die inwerkingstelling van die NAP aan die hoogste politieke vlak;
- Hou toesig oor verbintenis tot die NAP-inwerkingstelling van alle staatsdepartemente; privaat sektor; hoofstuk 9-instellings, burgerlike samelewing en verskillende sektore; en
- Goedkeuring van befondsing vir die NAP-beheerstruktuur.

202. Die voorgestelde beheerstruktuur sal op die hoogste vlak onder voorsitterskap van die Minister van Justisie en Korrektiewe Dienste wees. Die voorgestelde beheerstruktuur sal bestaan uit 'n Hoofsessie, onder voorsitterskap van 'n minister, 'n programinstellingskomitee en tegniese taakspanne. Die sekretariaat van die struktuur sal in die DOJCD gehuisves word.

Voorgestelde NAP-beheerstruktuur



203. Die voorgestelde verantwoordelikhede van die voorgestelde Programinstellingskomitee sal die volgende wees:

- Vergader kwartaalliks;
- Assesseer die werkverrigting van rolspelers in die inwerkingstelling van die NAP;
- Lewer verslag aan die Kabinet oor die vordering gemaak met die oorkoepelende inwerkingstelling van die NAP;
- Direkte toesig oor die NAP-moniterings- en evaluasieproses;
- Reageer op navrae oor die NAP;
- Voorsien leiding oor die inwerkingstelling van die NAP;
- Stel tegniese taakspanne in om die inwerkingstelling en monitering van die NAP te verseker; en
- Verseker koördinering en samehang van die werk van tegniese taakspanne.

204. Daar sal Tegniese Taakspanne oor die volgende tematiese gebiede wees, soos:

- Inwerkingstelling van die NAP;
- Datagebruikergroep oor die metodes van data-insameling oor insidente van rassisme, rassediskriminasie, xenofobie en verwante onverdraagsaamheid; en
- Monitering en evaluasie (internasionale en nasionale verslagdoening).

205. Die Tegniese Taakspanne sal aan die Programinstellingskomitee verslag doen oor hulle onderskeie verantwoordelikheidsgebiede. Die aanbevelings van die Tegniese Bystandprojek oor die analises van metodes van data-insameling oor insidente van rassisme, rassesdiskriminasie, xenofobie en verwante onverdraagsaamheid, bespreek en maak aanbevelings ter ondersteuning van die voorgestelde beheerstruktuur.

206. Die voorgestelde NAP-beheerstruktuur sal as ’n komponent van die staat funksioneer en vereis nie wetgewing nie. Die voordeel van ’n staatskomponent is dat dit moontlik sal wees vir die Nasionale Tesourie om fondse van sektordepartemente af te sonder en dit na die beheerstruktuur oor te dra. Die staatskomponent sal geleë wees binne ’n gasheerministerie, maar bedryf onafhanklik van die departement aangesien die voorsitter van die Programinstellingskomitee aan ’n minister sal verslag doen. Toesig berus by die Uitvoerende Gesag. ’n staatskomponent sal ook fondse van internasionale skenkers kan ontvang.

207. Die verskillende rolspelers op die NAP-beheerstruktuur verteenwoordig sal insluit:

- Sleutelstaatsdepartemente;
- Sektore van burgerlike samelewing (nieregeringsorganisasies en gemeenskapsgebaseerde organisasies; voorspraakgroepe; godsdienstige organisasies; hoër onderwys; arbeid; reg en menseregte; sport; vroue en die jeug; organisasies vir migrante/vlugtelinge/ asielsoekers);
- Sektore (media; arbeid; sake);

- hoofstuk 9-instellings; en
- Akademia/ navorsingsinstellings.

208. Die DOJCD se tak vir staatkundige ontwikkeling, en spesifiek geleë binne die hoofdirektoraat: maatskaplike geregtigheid en deelnemende demokrasie, die direktoraat: maatskaplike geregtigheid, sal voortgaan om as die sekretariaat administratiewe en logistieke ondersteuning aan die beheerstruktuur te voorsien. As die voorgestelde sekretariaat, moet die direktoraat se huidige struktuur en hulpbronne hersien word om 'n sekretariaat met voldoende kapasiteit en fondse te verseker om die beheerstruktuur se mandaat en werksaamhede te ondersteun, benewens die direktoraat se ander werk. Die direktoraat sal tydens die inwerkingstellingsfase 'n belangrike rol speel in, onder meer-

- die opstel, ondersteuning en koördinering van die instelling van 'n beheerstruktuur om die inwerkingstelling van die NAP te verseker;
- bevordering en hoofstroomstelling van die NAP;
- die bevordering, beskerming en voorspraak vir die uitwissing van alle vorme van rassisme, rassediskriminasie, xenofobie en verwante onverdraagsaamheid;
- navorsing oor faktore wat die bereiking van rasseharmonie strem;
- in vennootskap met tersaaklike belanghebbendes, verskeie programme ter ondersteuning van die NAP ontwikkel en inwerking stel;
- die insameling/analise van data, skepping van 'n databasis en genereer van verslae oor tendense en patrone rakende insident wat binne die bestek van die NAP val (deur Tegniese Bystand kragtens SEJA);
- die bevordering van navorsingstrategieë en opdraggewing vir studies/opnames ter ondersteuning van die NAP;
- die doen van 'n basislynstudie (kragtens SEJA);
- die monitering van tendense en insidente van rassisme, rassediskriminasie, xenofobie en verwante onverdraagsaamheid;
- die voorsiening van gepaste reaksies daarop, deur doeltreffende koördinasie en fasilitering met regeringsdepartemente en belanghebbendes;
- die fasilitering en bevordering van programme wat met verdraagsaamheid en begrip van diversiteit onder die mense van Suid-Afrika verband hou; en
- die versekering van die instelling van 'n M&E-meganisme.

209. Voordele vir die voorgestelde beheerstruktuur is dat 'n enkele hoofsessie toesig voorsien aan al die funksies; daar is 'n enkele besluitnemingstruktuur; multi-sektorale verteenwoordiging is verseker en administratiewe funksies word saam in 'n enkele eenheid gegroepeer.

Verslagdoeningsverpligtinge

210. Verantwoordbaarheid en deursigtigheid is noodsaaklik om die NAP te laat werk. Aangesien die NAP rondom vennootskappe gebou is wat verskillende sektore van die samelewing betrek, hang die resultate af van hoe goed die regering en burgerlike samelewing saamwerk.

Monitering van vordering en verslaglewering is sleutelelement tot die sukses van die NAP. Gevolglik sal die fokusagentskap ’n vertantwoordbaarheidsnetwerk instel. Ten einde die langtermynimpak daarvan te evalueer, sal die nasionale beheerstruktuur in samewerking met die SARHK en ander hoofstuk 9-liggame saamwerk om aanduiders te identifiseer om vordering in die stryd teen rassisme te monitor. Verskeie rolspelers sal voortgaan om kwessies van rassisme en multi-kulturalisme te hanteer waar daar gesamentlike verantwoordelikheid is, en help om inligtingdeling te koördineer. Ernstige oorweging moet geskenk word aan die debattering van hierdie jaarverslag in die Nasionale Vergadering. s Accountability and transparency are vital to make the NAP work.

Wees aanvullend met ander staatsprogramme

211. Die DOJCD sal, onder leiding van die voorgestelde beheerstruktuur, verantwoordelik wees vir die bou van aanvullendheid tussen die NAP en ander aksieplanne ontwikkel deur ander regeringsdepartemente, hoofstuk 9-instellings, die burgerlike samelewing en ander sektore. Dit moet aanvullendheid bou tussen wette en beleid wat deur die regering ingestel word wat ’n impak het op rassisme, diskriminasie en regstellende maatreëls gedoen om die nalatenskap van apartheid te hanteer.

GEVOLGTREKKING

212. Suid-Afrika is toonaangewend in die wêreld in die oorwinning van rassisme. Die NAP is die bloudruk om verder te bou op wat ons tot dusver bereik het. Die NAP is die ideale geleentheid vir ons land en sy mense om ons verbintenis tot die stryd teen rassisme, rassediskriminasie, xenofobie en alle ander vorme van vooroordeel en onverdraagsaamheid, te hernu. Suid-Afrika behoort aan almal wat daarin bly – in ons diversiteit verenig.